

HOOFSTUK VIER

DIE PEDAGOGIESE DOELSTRUKTURE : MENSWAARDIGHEID, SEDELIK-SELFSTANDIGE BESLUITVORMING EN VERANTWOORDELIKE HANDELING, NORMIDENTIFIKASIE EN LEWENSOPVATTING

4.1 Inleiding

Weens die omvangrykheid van hierdie verhandeling en teneinde kontinuïteit te behou word die bogenoemde pedagogiese doelstrukture sowel as die ooreenstemmende Nagmaalsformulier-inhoude hier kortliks uitgelig en beskrywe om ook sodoende aan te toon hoedat wek-van-lewe in die doelstrukture moontlik is deur die aanwending van Nagmaalsessensies.

4.2 Menswaardigheid

4.2.1 Menswaardigheid : Beskrywing en uitleg

Een van die verdienstes van die hedendaagse eksistensie-denke oor die mens is dat die menswaardige bestaanswyse as fundamenteel vir outentieke menswees aan die lig gebring is.¹ Slegs die mens besit waardigheid wat daarop dui dat hy 'n eksistensieel-normatief-etiese wese is, oop, waardebestrewend, pligvervullend, onvoltooibaar, moontlikheid, toekomstigheid en vryheid.² Die idee van volwassenheid sluit die idee van volwaardige menswees in. Die kind word as mens gebore maar moet sy menswaardigheid self verwerf deur die hulp en steun van die volwaardige volwassene. Die volwassene is dus bewus van sy waardigheid as mens en dit beteken dat hy besef dat daar eise aan hom in sy menswaardigheid gestel

word.³ As persoon is hy synde-in-opeenheid en draer van onskendbare digniteit wat hy tot gedying sal moet bring deur pligte en verantwoordelikhede te ken en daaraan uitvoering te gee. Net soos met die vryheid is ook die persoon-in-waardigheid 'n opeenheid-met-opdrag.⁴ Omdat die mens as persoon geen ekwivalent het nie en geen geld sy innerlike waardebesit kan koop nie, is hy waardigheid (Kant).⁵

As enigste wese wat waardigheid besit durf hy nooit verobjektiveer of verdinglik of tot saak gemaak word nie, want dan ondergaan hy onwaardige behandeling.⁶ Sonder medemenslike begeleiding as opvoedingshulp is die aanvaarding van die lewens-opdrag om toenemend menslik te word, en sodoende uitdrukking te gee aan menslikheid, onmoontlik.⁷ Menslikheid beteken om draer van onvernietigbare waardes te wees en om bestem te wees om menswaardig te lewe in sosiaal-kultureel-historiese verband. Die beoefening van menslikheid as lewenstaak beteken o.a. om deur eie keuses en handelinge die waardigheid van die mensheid, dus die menslikheid, te bewaar. Die mens wat hy is, moet die menslike wat met sy menswees gegee is, tot egte menslikheid laat gedy.⁸

Die kind en voorvolwassene is toenemend bewus van die eise wat aan hom gestel word asook van die waardevolheid van die behoortlikheidseise. Hy weet dat hy in vryheid op grond van outonome gewetensbeslissinge⁹ en eie keuse gehoorsaam aan

die eise moet wees.¹⁰ As mens is hy by magte om ooreenkomstig die behoorlikheidseise te lewe en te weet watter waardes waardevol is en watter waardes hy moet bestrewe en verwerklik. Dit dui op totale handeling volgens behoorlikheidseise waardeur die persoonlike digniteit ook nie verloën word nie (Kant).¹¹

Die volwassene het dus 'n wete van waardeverwerkliking, wat dui op 'n waardebesef as waardebelewing,¹² dus as 'n besondere bewussynsbelewing as basis van 'n inherente waardebesef.¹³ Menswaardigheid is dus 'n met waarde-gemoeide aangeleentheid. Die mens is nie net waardebepalend en waardebestrewend nie maar in die laaste instansie waardeverweselikend.¹⁴ As konkreet-indiwiduele mens in sy unisiteit is hy eenmalig, eensoortig, eiesoortig en onherhaalbaar¹⁵ en dit verleen aan die indiwidu sy besondere waardigheid.¹⁶ As openheid is die mens ook betrokkenheid by en gegrepenheid deur waardes in rangorde van voorkeur met geïmpliseerde norme as rigsgoere vir die lewe van bewuste veranderinge.¹⁷

Bewus van sy digniteit moet die mens egter besef dat verskillende mense verskillende waardes nastreef maar dat elkeen 'n persoonlike keuse moet doen, 'n verantwoordelike en deurdagte beslissing op hom moet neem en dit dan nie net moet belewe en bestrewe nie, maar dit daadwerklik moet leef ten einde sy lewe sinvol te maak en nastrewenswaardig aan die nie-volwassene en ander voor te lewe.

Die mens se waardebesef is dus verpligtingsbesef in die vorm van 'n aanvoeling vir wat behoort te wees, van wat goed en afkeurenswaardig is.¹⁸ Hieraan moet die volwassene in vryheid op grond van eie beslissing gehoorsaam wees.¹⁹ Die vryheid wat die mens is, moet hy dus verower.²⁰ Dit is sy taak en geleentheid tot gehoorsaamheid aan die opeisende krag van die waardes as norme waardeur die waardigheid as hoogste essensie van menswees in sy lewe as volwassene gestalte kry. Agting-vir-digniteit dui dus op agting-vir-bevraagtheid en lewenseise wat 'n persoonlike opgawe is waarop hy bevestigend moet antwoord.²¹ Elke beslissing is 'n antwoord aan die toekoms en is implementering van die vryheid om die verantwoordelikheid vir die toekoms nie net te aanvaar nie, maar om dit ook konsekwent te dra. Elke antwoord is 'n ver-antwoord-ing van sigself teenoor die gesag van norme.²²

Die volwassene moet nie alleen bewus wees van sy eie menswaardigheid nie maar ook agting vir ander se menswaardigheid toon.²³ Mense moet op mekaar se menswaardigheid ag-gee en dit is juis hierdie wedersydse be-agting waardeur hulle menslikheid op besondere wyse tot uitdrukking kom want agting is 'n outentiek-sedelike gevoel en openbaring van sedelikheid is openbaring van menslikheid.²⁴ Wanneer een mens nou deur die ander mens ge-ag word, beteken dit dat hy hoog geskat word; sy persoonwees word waardeur. Langeveld beklemtoon

ook naas die personaliteit van die mens as
indiwidualiteit met personaal-relevante verskille
die mens as sosiale wese en die sedelike
gelykwaardigheid van alle mense.²⁵ "Zedelijke
gelykwaardigheid schiep de eenheid der mensheid".
"De mens is een sociaal wezen en een individu,
maar als mens is hij dit in de eenheid van zijn
persoon, deze is zedelijk genormeerd en vertegen-
woordigt in zijn onderscheidenheid een eigen
zedelike waarde",²⁶ en as sulks moet sy
menswaardigheid deur ander volwassenes eerbiedig
word.

Ook sluit dit die verpligting in dat die volwassene
die kindwaardige in mensekinders sal erken en
eerbiedig en sal trag om die wesenlike van kind-
wees te begryp. "De pedagogiek heeft tot taak
het gezichtspunt van het menswaardige te
complementeren met dat van het kindwaardige".²⁷
Die kind moet as wordende persoon be-ag word en
daarom ook gehelp word om tot die besef van sy eie
waardigheid as persoon te kom,²⁸ deur dit te
ontdek, erken en verder uit te bou.²⁹ Ontdekking
van die eie ek lei tot ontdekking van die ander as
'n outonome geestelike persoonlikheid met eie
waarde.³⁰

4.2.2 Menswaardigheid : Essensies

Uit die voorafgaande beskrywing is dit nou
moontlik om die volgende doelessensies te
onderskef

- 4.2.2.1 Bewuswees-van-menswaardigheid.
- 4.2.2.2 Beoefening-van-menslikheid.
- 4.2.2.3 Waardevolheid-van-behoorlikheidseise.
- 4.2.2.4 Wete-van-waardeverwerkliking.
- 4.2.2.5 Agting-vir-ander-se-menswaardigheid.

4.2.3 Menswaardigheid : Nagmaalsformulier-inhoude.

Die jeugdige sowel as die volwasse belydende lidmaat word by elke Nagmaalsviering opnuut gekonfronteer met die Kruis van Christus waardeur hy tot 'n besef kom van die sinvolheid van sy bestaan. Deur waaragtige self-ondersoek en self-beoordeling van hart en gewete word hy gedwing tot selfbegrip en 'n vaste wete dat hy alleen as waardige deelgenoot aan die Tafel van die Here kan aansit as hy sonder enige geveinsdheid gevind het dat hy só gesind is dat hy van harte alle vyandskap, haat en nyd aflê en in die toekoms in waaragtige eensgesindheid teenoor die naaste wil lewe. In relasie tot God ontdek hy sy eie menswaardigheid en dié van ander en wil hy uit pure dankbaarheid teenoor God toenemend sy menslikheid beoefen omdat hy deur die Kruis die lewemakende Gees verwerf het waardeur hy ware gemeenskap met Hom kan hê en die ewige lewe, die geregtigheid en heerlikheid deelagtig kan word.

Dieselfde Gees sal almal wat hierdie gesindheid openbaar met mekaar in broederlike liefde saam verbind - soos uit baie graankorrels een meel gemaak en uit baie druiwekorrels as hulle gepars word, een wyn en drank vloei en tot een vermeng

word. Só sal almal wat waaragtig glo saamgesnoer word in gemeenskap met die liggaam van Christus.³¹ Om Sy offer te aanvaar, Sy genade deelagtig te word en waardig na Sy beeld en gelykenis te lewe sal die mens "onself verloën" om tot Sy Eer menslik te lewe en aan die naaste onbaatsugtige medemenslikheid te betoon.

Die mens is op soek na 'n ideële mensbeeld wat tog gefundeer is, sodat hy die verwerkliking daarvan kan na-strewe om as mens gereken te word.³²

Om dit te begryp is dit nodig om oor die mens vanuit 'n Christelik-Protestantse perspektief te besin. Daarom volg later 'n kort beskrywing van die relevante religieuse struktuur, "De Mens het Beeld Gods".

Die volgende Nagmaalsessensies is uitgelig:

... sonder enige geveinsdheid waardige deelge-
 note....., ... met mekaar in liefde saam verbind...
 en.....onself verloën.

4.2.4 Sintese:

4.2.4.1 Die dialektiese triade : Menswaardigheid/
 Nagmaalsformulieressensies/Christelik-Protestantse
 menswaardigheid.

Eerste synswyse	Tweede synswyse	Geïntegreerde synswyse
Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur	Lewe-wekkende lewensopvat- like inhoud	Lewende doelstruktuur
Menswaardig- heid	Nagmaals- formulier- essensies	Christelik- Protestantse menswaardigheid

4.2.4.2 Die beweging : Menswaardigheid na Nagmaalsformulier-essensies:

By die beskrywing en uitleg van die pedagogiese doelstruktuur, menswaardigheid, is aangetoon dat die volwasse mens bewus-is-van-menswaardigheid en van die eise wat daar aan hom gestel word om op grond van eie beslissinge te gehoorsaam. Ook die Christen-Protestantse jeugdige moet bewus wees van hierdie menswaardigheid omdat "de mens na de val nog beeld Gods heet en alz zodanig geëerbiedig moet worden"³³ ten spyte van die breuk in die menselewe vanweë vervreemding, verloreheid, verduistering en ydelheid.³⁴ Die Nagmaalsformulier en kategetiese onderrig spreek duidelik oor die vernuwing en herstel van die beeld deur die genade van God. Paulus spreek oor die "aflegging van die ou mens en die opneem van die nuwe", terwyl die Nagmaalsformulier die lidmaat aanspreek om vas te stel of hy van harte die genade van God aanvaar het en só gesind is om alle haat, nyd en vyandskap af te lê en in dankbaarheid tot God te lewe. So aktiveer dié Nagmaalsessensie dié doelessensie tot gedying van menswaardigheid deur die wan-relasie tussen God en mens te herstel sodat die mens in vryheid deur persoonlike beslissing positief en in liefde en verheerliking kan antwoord op Sy aangesprokenheid³⁵ sodat hy, deur die genade, waardige deelgenoot ook aan die lye en sterwe van Christus kan word.

Die lewenstaak van die mens is om toenemend menslik te word en menslikheid te beoefen. Die

nagmaalsessensies waardige deelgenote en met-
mekaar-in-liefde-saam-verbind verlewending nou die
genoemde pedagogiese doelstruktuur en maak dit
vatbaar vir lewe in die daaglikse bestaan, want
menswaardige handeling en be-oefening van
menslikheid dui op aktiwiteit en positiewe
antwoord (ook by die belydende lidmaat) saam-met-
die-medemens teenoor die Woord van God. Juis in
sy outonomie is die mens gedurig in 'n diep
onontkombare konflik met homself en sy ware wese,
in rebellie teen die waaragtige menslikheid,
geraak deur sonde, in sy natuur verdorwe, vervreem,
nie slegs van God nie, maar ook van homself.³⁶
Maar mens-syn is in-die-genade-staan³⁷ (Barth)
en deur die genade (verkondig in die Evangelie en
Nagmaalsformulier) word die mens herstel in sy
menslikheid en kan hy dit beoefen omdat hy bewus
is van sy aangesprokenheid, asook van die
waardevolheid van behoortheidseise en ook van ~~die~~
waardes wat hy wil en kan bestrewe en verwerklik.

Die nagmaalsessensie, "ons-self-verloën",
intensiveer die behoortheids- en waardebesef en
verwerklik dit in die menslike lewe omdat die
hoogswaardevolle vir die Protestantse Christen is
om homself te verloën, sy kruis op te neem, en
sy Ewige Verlosser en Saligmaker te volg deur
menswaardig te lewe tot eer en verheerliking van
God.

Tydens die kategetiese onderrig word hierdie
wete-van-waardeverwerkliking ingeskerp as diens

en liefde aan God en aan die naaste. Die Nagmaalsessensie met-mekaar-in-liefde-verbind dui op hierdie waardevolle en waardige "saambinding in broederlike liefde om Christus, ons liewe Salig-maker ontwil, en dit moet nie alleen met woorde nie maar in die daad teenoor mekaar bewys word" op só 'n wyse dat die nodige agting-vir-digniteit-van-die-ander daaruit spreek.

"Als men: maar even daar gevoel voor heeft, is altijd weer iedere ontmoeting met een levend mens een hoogst ontroerend gebeuren!"³⁸ Dit is ook wesenlik en noodsaaklik dat mense soms gesamentlik optree, gerig op 'n gemeenskaplike doel en gesamentlike verwerking van waardes.³⁹ Hiervoor is nodig aanvaarding van die medemens sonder om sy persoonlike vryheid te skaad, dus met agting vir sy menswaardigheid.

Soos die genoemde pedagogiese doelessensies moontlikheidsvoorwaarde is vir die verwerking van die genoemde nagmaalsessensies het die nagmaals-essensies terselfdertyd ook die essensies van die doelstruktuur, menswaardigheid, vanaf lewensvatbaarheid geaktiveer tot werklike lewendigheid en die moontlikheid tot beweging geskep.

4.2.4.3 Tweede beweging:

Die lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur, menswaardigheid en die lewe-wekkende Nagmaals-formulieressensies gaan nou gesamentlik en gelyktydig oor in 'n Christelik-Protestantse menswaardigheid waarin die genoemde synswyses

geïntegreer word en bewaar en behoue bly. Om 'n Christelik-Protestantse menswaardigheid in die laat twintigste eeu te aktiveer en te laat funksioneer is 'n aktuele saak vir die hedendaagse opvoeder.

Die hedendaagse maatskappy met sy politieke ideologieë en ten spyte of juis vanweë die fenomenale vooruitgang op tegnologiese gebied, is besig om die mens te dehumaniseer en te depersonaliseer (Van Niftrik)⁴⁰, sodat die mens "al meer in het gedrang kwam en zichzelf dreigde te wil verliesen" omdat sy diepste menslike node al hoe meer verontagsaam word en "de mensch al meer in een diepgaande heel zijn existensie-bedreigende crisis moet komen". Die onhergersame wêreld oorheers die mens wat tuisloos en ongeborge raak. (Heimatlosigkeit). Die siel van die mens raak verlam en gee die stryd gewonne (M. Buber), verloor die sin van sy bestaan, word van buite en binne bedreig, staan op en durf weer aan maar "uiteindelik is alles wat hy doet immers toch tevergeefs".⁴¹ Hierdie toestand skend ook die menswaardigheid van die mens wat poog om in sy menslike bestaanswyse volgens sy lewensopvatting waardes te bepaal, te bestrewe en te verwerklik⁴² en kan slegs bestry word in die Christologie, in die siening van die mens soos deur God in Jesus Christus openbaar.⁴³

Jesus Christus "is God en mens in enigheid des persoons." In Hom openbaar God nie alleen wie God is nie maar wie die mens is. Christus wat om

"onze zaligheid is neergekom uit de hemel", het mens geword. Christus as mens-gewordende is 'n exegeese van die woorde van Pilatus, "Sien die Mens!" (Joh.19:5). Hierdie woorde was medelydend dog veragterend geuiter maar is profeties bewaarheid.

Ook Calvyn in die Institusie, skryf dat die kennis van God en die kennis wat die mens van homself het, ten nouste verbonde is. Die mens kan alleen in en deur Christus geken word.

Christus is God en mens. Sy Godheid en mensheid is een. Hy is die volmaakte, sondelose mens en Seun van God. Hy is mens in volkome identiteit met God. Hy is die Godmens. In Sy mens-syn weerspieël Hy op volmaakte wyse die wesenlike van God en van die mens. Sy Godmenslike werk is redding en versoening. In Sy verlossingsdaad bly Hy trou aan God en aan die mens. Eén met God en ook één met die mens. So was Hy God se Seun en Seun van die mense.

Die mensheid, in sy menslikheid, verskil van Christus as die ware Beeld van God omdat die mens nie identies met God is nie; daar is afstand tussen God en mens en tog relasie.⁴⁴ Die volledige werklike mensbeeld blyk slegs uit hoe hy staan voor God se aangesig in relatiewe verbondenheid met God in die totaliteit van sy bestaan (Berkouwer).⁴⁵ Ook Brünner verklaar met nadruk dat die mens alleen te begrype is vanuit sy besondere relasie tot God.⁴⁶ Die mens se wese

kan nie geken word buite die openbaring van die mens Jesus Christus nie, want die mens is voorwerp van die genade van God (Barth).⁴⁷

Die mens is mens voor God se aangesig, in gesprek met God,⁴⁸ deur God se Woord in aansyn geroep tot antwoord op die Woord⁴⁹ omdat Hy beeld van God is. (Die mens is dus ook dialog). God spreek die mens aan, roep hom op, wil tot verbond met hom kom. Hy spreek hom aan as subjek en gee hom 'n naam (van besondere betekenis in die Skrif) en verhef hom tot persoon wat kan hoor en kan antwoord⁵⁰ en in 'n verantwoordelikhedsrelasie tot God staan.⁵¹ Die menslike waardigheid lê in hierdie oorspronklike Skeppingsbedoeling in die betrokkeheid van die mens op Sy Skepper.⁵² Dit geld selfs vir die gevalle mens wat gelyk Sy beeld geskape is (die ontiese beeld).⁵³ God het die mens goed en na Sy beeld geskape in ware geregtigheid en heiligheid, die imago Dei.⁵⁴ Die imago Dei is 'n relasie waarin mens-wees, daar-wees is teenoor die Woord in bewussyn en vryheid. Die geskapene is as mens gebore maar moet sy menswaardigheid self verwerf in die hede deur as bewuste, selfbewuste, redelike wese⁵⁵ te hoor, te begryp en persoonlik te antwoord in vryheid op grond van eie beslissing. Maar mens-syn is alleen moontlik in gemeenskap en ontmoeting met God⁵⁶, as aktuele eksistensiële in-die-tyd-syn teenoor die Ewige. Die wese van die self as antwoordende bestaan word vasgelê deur in die hede aan God en ook aan sy naaste te

antwoord - deur die liefde van God aan te neem of te verwerp. By elke Nagmaalsviering moet elke belydende lidmaat sy hart en gewete ondersoek om sonder geveinsdheid hierop te antwoord. Hierdie Nagmaalsessensies sal dan die doelelessensie bewus-wees-van-menswaardigheid laat funksioneer en in die volheid laat syn.

Na die sondeval het die mens die ontiese beeld van God in ruimer sin behou (d.w.s. die menslike, die wesenlike van die mens) maar die aktuele beeld (Luther) of beeld van God in enger sin het hy verloor d.w.s. sy gemeenskap met God, sy kennis, geregtigheid en heiligheid, sy konformitas met God se wil, sy gerigtheid op God.⁵⁷ Deur Adam en deur persoonlike herhaling in die hede het die mens deel aan die erfsonde en is dus 'n gevalle beeld van God m.a.w. sy relasie tot God het deur eie keuse tot 'n wanrelasie geword,⁵⁸ sodat hy uit homself onbekwaam is tot enige goed wat sy regte verhouding tot God kan herstel.⁵⁹ Die grootheid van die deur-God-geskapte mens word weerspieël in die diepste van sy val (corruptio totalis) wat egter nie mag lei tot 'n ernstige miskenning van die waaragtige menssyn en 'n aantasting van sy menslike waardigheid nie.⁶⁰

Maar die mens is voorwerp van die genade van God. Menssyn is in-die-genade-syn.⁶¹ Dit is die genadegawe van God dat menslike bestaan, as 'n gevalle bestaan, nog 'n antwoord is op die Woord en as sodanig is hy nog 'n verantwoordelike wese. Dít is die algemene menslikheid van die mens, só

het hy die beeld van God in ruimer sin behou.⁶² Hy is tog in sy onvermoë die ene moontlikheid (Viljoen), wêreld-oop, vry tot keuse kragtens sy waarderende bewussyn, vry tot handeling, in staat tot beoefening-van-menslikheid.⁶³ Hy bly mens met 'n gewete wat kan onderskei tussen goed en kwaad, asook met wil en verstand en 'n besef dat God bestaan (Luther). Agter elke keuse wat hy maak, agter elke beslissing wat hy neem skuil 'n besef van wat behoort te wees en waaraan hy hom uit hoofde van die eise van die vryheid gebonde ag. Die mens het dus nie net bewussyn nie maar ook selfbewussyn as behoorlikheidsbesef.⁶⁴ Dit is die "klein oorblyfsels" van die uitnemende gawe wat die mens oorspronklik van God ontvang het (Artikel XIV, Nederlandse Geloofsbelydenis) en waardeur Sy beeld in ons menssyn te bespeur is.⁶⁵ Hierdie behoorlikheidsbesef maak die mens dus bewus van die waardevolheid-van-behoorlikheidseise. Die mens as sondaar is sonder verontskuldiging en dis nog steeds vir hom lewensverplichtend om verantwoordelikheid op te neem en te dra,⁶⁶ en aan die behoorlikheidseise te voldoen.

Die genoemde doelessensies beoefening-van-menslikheid en waardevolheid-van-behoorlikheidseise word alleen deur die lewensoptvatlike inhoude geaktiveer tot lewende doelstrukture en dit geskied alleenlik in die lewe van die Christen-Protestant deur die Versoening in Jesus Christus waartoe die kategetiese onderrig die jeugdige voornemende lidmaat steun en voorberei. Alleen deur die regverdiging deur die bloed en liggaam van Jesus

Christus kan die gelowige waaragtige deelgenoot word aan Sy genade en hierdeur die genoemde doelessensies intensiver en tot volle gedying bring. In die kruisdood van Christus spreek God die Woord van Versoening deurdat Christus die antwoord gee wat God van die mens verlang maar waartoe hy nie in staat is vanweë die sonde nie. Hierdeur word die mens ten volle geregverdig voor God want Jesus Christus is die ware Beeld van God wat in die mens herstel word wanneer hy deur die geloof "in Christus Jesus" is en nou as waardige deelgenoot aan Sy Tafel kan aansit.

Sola gratia, versoening, beteken egter nie 'n passiewe ontvangs van die genade en herstel van die beeld nie, maar juis die hoogste aktiwiteit ook teenoor die naaste.⁶⁷ "Hij kan dit niet slechts, hij is dit ook verplicht. De zondeval heeft de imago Dei (beeld Gods) verzwakt, maar niet vernietigd. Hij moet dit beeld nu weer versterken. Zo blijft de mens leven in spanning tussen het theocentrische, waarbij hij God als de Heilige ervaart en zichzelf zondaart voelt en het antropocentrische, waarbij hij geroepen is Gods geboden uit te ~~voeren~~ wat aan het mens-zijn het uiteindelijke zin verleent."⁶⁸

Die mens het 'n wete-van-waardeverwerkliking want hy bestaan nie slegs nie maar voer 'n bestaanswyse want hy rig sy lewe na die eise van bepaalde waardes. Menslike bestaanswyse word gekenmerk deur die bestrewing en verwerkliking van waardes

en hulle geïmpliseerde norme wat die mens se keusehandelinge van dag tot dag dra terwyl hy sy wêreld ontwerp en herontwerp⁶⁹ in die lig van sy lewensopvatting. Die mens doen wat hy is, en hy is waaraan hy waarde heg.⁷⁰ Só sluit die Christelik-Protestantse waardeleer waardes in (wat moet wees vanweë 'n behoort te wees) soos naasteliefde, kuisheid, regverdigheid, barmhartigheid, belangeloosheid, billikheid, verdraagsaamheid, eerlikheid en so meer.⁷¹ So ook word hy in die Nagmaalsformulier gemaan om sekere sondes af te lê en nie daarin te volhard nie.

Op grond van sy leer en belydenis huldig die Kerk as sondanig 'n besondere moraal wat vir die daaglikse handel en wandel van sy lede sowel meet- as rigsoere is. Die belydende lidmaat soek nooit na die Waarheid nie, want hy het hierdie Waarheid wat getuig van sowel die herkoms, wese en bestemming van die mens, as die hoogste goed vir die mens, reeds bely (van Staden). Die lewensopvatting intensiveer en verlewendig dus ook hier die pedagogiese doelessensie wete-van-waardeverwerkliking.

Menslike bestaan is in sy daar-wees teenoor die Woord nie 'n op-sigself-staan nie maar is 'n met-die-naaste-wees teenoor die Woord.⁷² As geworpene is hy eenling (solitêr) en hulpbehoewend gebore maar bly verantwoordelik vir sy keusehandeling deur wilsbesluite⁷³ as antwoord op die Woord. Jesus Christus die God-mens, was identies met God maar in volstreekte solidariteit met die medemens, dus

mede-syn. Terwille van die mens se saligheid het Hy mens geword om een met die mens te wees, is Hy tot sonde vir die mens gemaak, het Hy vir die mens gesterwe. Sy Mens-syn na die wil en bedoeling van God is die geskiedenis van menslike ontmoeting met die medemens in 'n persoonsrelasie, in 'n subjek-subjek verhouding.⁷⁴ Hier is duidelik sprake van agting-vir-ander-se-menswaardigheid. Hierdie doelessensie funksioneer in 'n Christelik-Protestantse menswaardige bestaanswyse wanneer dit tot lewe gewek word deur die Nagmaalsessensie, met-mekaar ... in liefde saam verbind, want mense staan almal gelykwaardig voor Sy aangesig, is almal na Sy beeld geskape en moet almal dieselfde waardes gehoorsaam.⁷⁵ Die mens as moontlikheid en eksistensie is in staat daartoe om uit homself te tree, 'n uittrede tot die ander en die dinge.⁷⁶ Die outonome menslike persoonwees bestaan nie behalwe in relasie tot sy medemens nie en dit lei tot vervolmaking van sy persoonwees (Goethe). Selfs Nietzsche beweer dat "humaniteit-zonder-de-medemens" geen humaniteit is nie. Soos God gemeenskap verpersoonlik in die Drie-enigheid en in Sy liefde tot die mens deur Sy Seun, verwag Hy ook medemenslike liefde van die mens. Liefde is deel van die kreatuurlike-syn van die mens wat na die beeld van God geskape is.⁷⁷ Innerlike bevryding deur die geloof intensiveer dus ook die aanspraak van die medemens op die gelowige "want hoe kan de nood van anderen my meer ter harte gaan, dan wanneer ek door Gods genade mij zelf uit de

diepste nood van mijn mens-zijn gered mag weten".⁷⁸

Die aanspraak van die medemens sluit dus ook in dat die mens "onself verloën", die kruis opneem en dit die arbeid in dra. God roep die mens tot die arbeid in geloof, verwagting en liefdestoewyding (Oberholzer) sodat dit ook tot voordeel van die medemens kan strek want daardeur kan hy die vrug van sy arbeid deel⁷⁹ met mekaar, in liefde saam verbind. Vir die volwasse belydende lidmaat (ouers en aanvullende ouers in die Kerk by die kategetiese onderrig) beteken dit die eis om kinders op te voed in die ware kennis en vrees van God, tot Sy eer en tot hulle saligheid (Huweliksformulier). Dit beteken verder ook agting vir die waardigheid van die kind en jeugdige wat gesteun, gelei en begelei moet word tot vervulling van 'n Christelik-Protestantse menswaardige bestaanswyse met-die-medemens-in-die-wêreld-voor-die-aangesig-van God, deur te wandel in die Waarheid volgens die vaste geldende norm van God se gebod.

4.3 Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling.

4.3.1 Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling : Beskrywing en uitleg.

Die wesenlike kenmerke van geestelike volwassenheid is selfstandigheid (verstandelik en sedelik), verantwoordelikheid en vryheid (Gunter). Hier is dus sprake van selfverantwoordelike selfbepaling (Langeveld) en opvoeding kan oorgaan in selfvorming

wanneer die mens die nodige selfstandigheid, vryheid en 'n eie verantwoordelikeaansvaarding verwerf het en voortaan in staat is om homself te bepaal.⁸⁰ Persoonlike selfstandigheid beteken dus dat dit die reg en bestemming van elke mens is en behoort te wees om self op 'n behoorlike wyse te antwoord op die lewe en werklikheid deur die wyse waarop hy eie wêreld ontwerp.⁸¹ "De ware selfstandigheid is bereikt as de mens tot een persoonlike stellingname in staat is, wanneer hij bindingen kan aangaan ... wanneer hij ook de waarden aanvaard heeft, die selfstandigheid en overgave eisen" (Perquin).⁸² Opvoeding is dan die verloop vanaf geleide afhanklikheid, vervleg met geleide selfstandigheid met die oog op selfgeleide selfstandigheid (Oberholzer)⁸³ wanneer hy by herhaling in elke konkrete situasie goedkeurenswaardig kies omdat hy daartoe in staat is om reg te kan en te wil kies, beslis en handel. Hy kan dan 'n selfstandige lewe lei, soos hy behoort te lei, en sy lewenstaak tot vervulling bring.⁸⁴

As mens moet hy deur keuse en handeling antwoord op sy bevraagtheid en kom tot op-hom-self neem van verantwoordelikheid waarvoor hy uiteindelik tot verantwoordelikheid geroep sal word kragtens die feit dat hy moontlikheid tot keusevryheid en toerekenbaar is vir sy dade.⁸⁵ As volwassene moet hy getrou kan bly tot die uiterste konsekwensies van sy beslissings en uitvoering kan gee aan sy keuses⁸⁶ deur hom uit eie wil ter beskikking te stel en oor te gee aan die aanvaarde lewenstaak.⁸⁷

Só sal hy die iemand word wat hy behoort te word.⁸⁸
Die mens is historisiteit-as-toekomstigheid-in-
genormeerdheid. Elke beslissing is 'n antwoord
aan die toekoms en dit is implementering van die
vryheid om die verantwoordelikheid vir die toekoms
nie net te aanvaar nie, maar om dit konsekwent te
dra. Elke antwoord is 'n verantwoording van sigself
teenoor die gesag van norme. Vryheid as
gegewendheid is vryheid-in-opdrag en dra 'n etiese
karakter waardeur hy die sin van sy bestaan moet
verantwoord.⁸⁹

Die mens maak dus sy keuses-in-die-lig-van-
behoorlikheidseise en word bepaal deur die hoogs-
waardevolle en persoonswaardige waarde-idee wat die
behoorlikheidseise aan hom stel.⁹⁰ Die keurvermoë
waaroor die mens beskik sluit beoordeling in en
het te make met die normatiewe. Keurvermoë sluit
in waardevoorkeur met geïmpliseerde norme en gaan
die kiesvermoë vooraf.⁹¹ Kiesvermoë beteken om na
keuring te besluit en deur eie kraginspanning ten
uitvoer te bring.⁹² Agter elke keuse wat hy maak,
agter elke beslissing wat hy neem, skuil 'n besef van
wat behoort te wees en waaraan hy homself uit die
hoofde van die vryheid gebonde ag. Hy het nie
net bewussyn nie maar ook selfbewussyn en behoor-
likheidsbesef.⁹³ Die mens as ervarende, denkende,
oordelende, besinnende en selfbesinnende wese lewe
dus uit sy kennende bewussyn maar ook uit sy wil.
Hy beskik oor kiesvermoë en het 'n sin vir
waardes. Sy deelname aan die werklikheid is 'n

willende en waardebepalende deelname. As ongeslotenheid is hy wesenlik gegrepene-in-waardes en vanweë sy waarderende bewussyn moet hy onophoudelik kies uit die lewensvereisende en lewensverpligtende waardes.⁹⁴

"Kies vir" word opgevolg deur "handel ooreenkomstig".⁹⁵
Die mens is handelend-as-verandering-teweegbringend gemoeid met die werklikheid.⁹⁶ Hy het die vryheid om vrywillig te handel. Sedelike verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid veronderstel
97
indiwiduele handelinge-in-die-lig-van-behoorlikheids-eise. Die goeie moet gedoen word ter wille van die eise van die goeie. Alles wat sedelik is d.w.s. wat van 'n onvoorwaardelike pligsgebod blyke gee is goed, maar alles wat goed is, is nie noodwendig sedelik nie (Kant). Onvoorwaardelike pligsgebod verg onvoorwaardelike gehoorsaamheid.⁹⁸
Die mens is 'n aktiewe, doelstellende en handelende wese en gee deur sy handeling blyke van sy
99
betrokkenheid op hierdie wêreld.¹⁰⁰ Sy gesitueerde bestaan is 'n sedelike bestaan en hy verwerklik en leef waardes na in sy handeling (Landman).
Handeling word dus gemotiveer deur bepaalde keuses wat in sy handeling as waardes bevestig word.¹⁰¹
Elke handeling van die mens is dus mede-afhanklik van sy kiesvermoë (Langeveld). Die mens as aktiewe wese het van meet af aan aandeel aan sy eie vorming en opvoeding. Die gebruik wat die mens ^{maak} van sy gawes, geleenthede en opvoeding hang in die laaste instansie van homself af as 'n vrye,

kiesende en beslissende subjek. Dit is die
indiwiduele mens wat by herhaling op die appèl wat
elke nuwe situasie tot hom rig, self moet antwoord
deur eie keuse, beslissing en daad.¹⁰²

Hier is dus duidelike blyke van selfstandigheid in keuse. Die mens kies self die besondere aspekte
waaraan hy op grond van waardering voorkeur gee.¹⁰³

"De mensheid bezit een grond van eenheid in het
feit, dat iedere mens in wezen bij machte is een
zedelijk besluit te nemen en daarnaar zich te
richten in zijn gedrag" (Langeveld).¹⁰⁴ Die
volwassene is in staat tot 'n ek-kan-nie-anders-nie
beslissing (Martin Luther) wat geskied uit diepe
oortuiging dat dit so moet wees omdat dit so behoort
te wees. So 'n beslissing is 'n outonome
gewetensbeslissing wat dui op self kies en 'n
persoonlike verantwoordelikeitsaanvaarding vir
keuse en handeling.¹⁰⁵ Selfstandigheid-in-keuse
lei dan tot selfstandigheid in handeling. Die
volwassene moet reeds in toenemende mate "een zekere
keuse gedaan hebben tot zekere taak besloten
hebben", hy "staat voor wat hij is en doet en ook
staan wil".¹⁰⁶ Selfstandigheid dui op 'n stelling-
name en getrou bly aan beslissings wat lei tot
selfstandige taakaanvaarding en vervulling.¹⁰⁷

By die volwasse mens is daar dus die bekwaamheid en
konstante bereidwilligheid tot verantwoordeliks-
aanvaarding vir keuses en handeling wanneer hy
verantwoordelik-wees as grondbeginsel van sy
eksistensie begryp.¹⁰⁸ Die mens is vryheid maar

die vryheid is opgawe; daarom staan hy in die spanning van die gegewene en die opgawe.¹⁰⁹ Die vryheid is dus gebonde vryheid,¹¹⁰ vryheid-tot-verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid beteken dus gebondenheid aan iets of iemand (Iemand); 'n aangesprokeneid waarop hy moet antwoord in vryheid. Vryheid behels vrywillige gehoorsaamheid om die verantwoordelikheid vir homself, sy keuses, lewe en sy dae te kan en wil aanvaar.¹¹¹ Bemeestering van die vryheid is aanvaarding en dra van verantwoordelikheid.¹¹² Die vryheid in sy ontisiteit is taak, moontlikheid en geleentheid¹¹³ en is nooit normloos of totaal ongebonde nie. Wat onties gegee is moet eties verwerk en verwerf word. Die vryheid word geleidelik verower as die mens hom laat bind teneinde heer van sy wil en kneg van sy gewete te word (Oberholzer).¹¹⁴ Verantwoordelik-wees beteken wesenlik om bepaalde waardes en norme te ken en die wil te hê om in ooreenstemming daarmee te lewe.¹¹⁵

Verantwoordelikeaansvaarding impliseer dus 'n keuse-vir-behoorlikeidseise, 'n persoonlike verwerkliking van norme,¹¹⁶ om op grond van outonome besluite persoonlike verantwoordelikheid te aanvaar wanneer hy uit 'n veelheid van moontlikhede moet kies en handel.¹¹⁷ Volwassenheid het hier tweëerlei betekenis: "als indivuatie, alz vorm van deze concrete mens, en alz eenheid van zedelijke norme, waarmede deze mens zich identifiseert, respektiewelik streeft te identifiseren" (Langeveld).¹¹⁸ "Het zal, hoe langer hoe meer, gaan inzien wat goed is en

niet goed, het zal innerlijk krachtiger worden om zelfstandig het goede te verwezenlijken" (Perquin).¹¹⁹ Verantwoordelijkheidsaanvaarding het nou oorgegaan in aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid wat onmiddellik die aanvaarding van volwassenheid as opgawe behels - 'n bereid-wees om te antwoord op die oproep om te word wat hy behoort te wees en 'n bereid-wees tot betrokkenheid by menswording,¹²⁰ sowel as om sy verantwoordelikhede te ken, kan en wil aanvaar, dra en vervul.¹²¹ Sy ingesteldheid teenoor die lewenswerklikheid gee blyke van 'n volle bewus-wees van wat sy verantwoordelikheid en vryheid inhou en 'n afwys van verantwoordelikheidsverskuiwing. Wie agter ander probeer skuil vir sy keuses, probeer eie verantwoordelikheid ontwyk en skend sy eie vryheid. Wie verantwoordelikheid vir vryheid aanvaar, aanvaar die sin van die lewe en as sodanig die sin van eie bestaan. Dit vereis selfdissipline en persoonlike verwerking tot persoonlike besluitvorming¹²² in ooreenstemming met wat behoort te wees. Die binding aan 'n persoon of 'n groep gaan geleidelik oor tot binding aan norme.¹²³ Die vryheid wat die mens is, is gawe en opgawe. Die mens kan sy verantwoordelikheid nie ontduik of ontvlug nie. Daardeur staan hy in 'n uitsonderingsposisie en is geroepe om persoon te wees en draer van waardigheid.¹²⁴

'n Volwassene word dus gekenmerk deur sy beslissende en handelende deelname aan die lewenswerklikheid,

deur 'n innerlike onafhanklikheid, as afhanklikheid-
van-hoër-gesag en verantwoordelikeheidsbesef.¹²⁵

4.3.2

Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling : Essensies.

Uit die voorafgaande beskrywing en uitleg is die
volgende doelessensies van die genoemde doelstruk-
tuur aan die lig gebring:

- 4.3.2.1 Getrouheid-aan-beslissinge.
- 4.3.2.2 Keuses-in-lig-van-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.3 Handeling-in-lig-van-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.4 Selfstandigheid-in-keuse.
- 4.3.2.5 Selfstandigheid-in-handeling.
- 4.3.2.6 Verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-
keuses.
- 4.3.2.7 Verantwoordelikeheidsaanvaarding-vir-
handelinge.
- 4.3.2.8 Keuse-vir-behoorlikheidseise.
- 4.3.2.9 Aanvaarding-van-persoonlike-
verantwoordelikheid.
- 4.3.2.10 Afwys-van-verantwoordelikeheidsverskuiwing.
- 4.3.2.11 Afwys-van-verantwoordelikeheidsontduiking.

Daar sal vervolgens oorgegaan word tot 'n uitlig
en kort beskrywing van die Nagmaalsformulier-
essensies wat in staat is tot die laat-funksioneer
van die genoemde doelessensies in egte
opvoedingsituasies.

4.3.3

Sedelik-selfstandige besluitvorming en verant- woordelike handeling : Nagmaalsformulierinhoud.

Die ernstige Protestantse Christen-gelowige sal
telkens ná die voorbereidingsdiens en vóór die

Nagmaalsviering homself sedelik beoordeel, nadink oor sy sondes en vervloeking en sy persoonlike regverdiging ten einde tot 'n heldere selfbegrip te kom. Vanuit hierdie nadenke en sedelikselfstandige beoordeling van keuses en dade sal blyk of hy 'n ernstige voorneme het om van nou af in liefde en eensgesindheid teenoor sy naaste te lewe en met sy ganse lewe in keuse, beslissing en handeling voor God se aangesig opreg wil wandel. Die sakrament, met brood en wyn, versterk die gelowige wat weet en vertrou dat die enigste grond en fondament van sy saligheid lê in die volkome offerande wat eenmaal aan die Kruis plaasgevind het sodat hy tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie. Deur Sy dood het Hy die oorsaak van die mens se ewige honger en kommer weggeneem en het die mens die lewemakende Gees verwerf. Vanweë sy menslikheid is selfs sy beste werke nietig voor Sy oë daarom moet hy homself voor God verootmoedig en met waaragtige geloof in Sy Genade aanroep om deur die Heilige Gees, gespysig en gelaaf, nie meer in sondes te lewe nie, maar ook gesind is om met sy ganse lewe dankbaarheid voor God te bewys en opreg voor Sy aangesig te wandel. Vanaf en gelyktydig met die regverdiging het die heiliging van die Christengelowige se lewe ook ingetree en 'n aanvang geneem¹²⁶ om op gedagte, woord en daad in die ganse werklikheid van sy bestaan beslag te lê.

Ten spyte van volkome regverdiging erken die mens

dat daar baie gebreke en ellendigheid oorgebly het, sodat hy daaglik, deur die werking van die Heilige Gees, teen die swakheid van ongeloof en bose luste van die vlees moet stry ten einde volgens Sy gebod God en die naaste lief te hê. Ware gemeenskap met die naaste moet nie alleen met woorde nie maar met die daad teenoor mekaar bewys word. Dit geskied alleen as die mens die kruis opneem, die ou natuur kruisig en deur die genade van God en die werking van die Heilige Gees daaglik die hart ophef na God om die siel te spysig en laaf ook tot selfstandige besluitvorming, keuses en handeling wat sal strek tot Eer van God en die naaste.

Die nagmaalsformulieressensies wat aan die lig gebring is in die voorafgaande, dui vir die Protestantse Christen baie duidelik die noodsaaklikheid aan tot heiligmaking as selfstandige verantwoordelike en verantwoordbare keuses en handeling in die lig van die Norm van God se gebooie. Dit is slegs moontlik deur die genade in Jesus Christus en die kragtige werking van die Heilige Gees.

Nagmaalsessensies

... nadink oor ..., ernstige voorneme....., wat weet.....,kan verootmoedig..., ook gesind is, ... daaglik moet stry..., ... met die daad teenoor mekaar bewys....., ons kruis opneem

4.3.4 Sintese

4.3.4.1 Die dialektiese triade: Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling/ Nagmaalsformulier-essensies/Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme.

Eerste synswyse	Tweede synswyse	Geïntegreerde synswyse
Lewensvatbare pedagogiese doelstruktuur	Lewe-wekkende lewensopvatlike inhoude	Lewende doelstruktuur
Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling	Nagmaals-formulier-essensies	Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme

4.3.4.2 Die beweging Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling na Nagmaalsformulier-essensies.

Die mens as geworpene het in elke lewenstydperk 'n besondere taak teenoor die lewe naamlik om toenemend menslik en menswaardig te lewe,¹²⁷ bewus te wees van sy bevraagdhed en om selfstandig en uit eie wil homself ter beskikking te stel en met oorgawe te werk aan die aanvaarde lewenstaak. Dit sal 'n getrouheid-aan-beslissinge verg. Hierdie doelessensie wat lewensvatbaar is kan deur die nagmaalsessensie "hadenke oor" tot lewe gewek word wanneer die jeugdige lidmaat nadink oor sy swakhede maar veral oor sy regverdiging waardeur hy Kindskap van God as 'n altyd meer wordende

volwassenheid (Viljoen) verwerf het en dit telkens weer verwerf en bevestig deur voortdurend te werk aan die verwerking van sy heiligmaking.¹²⁸ Dit sal beteken dat sy keuses en handeling al hoe meer in die lig van behoorlikheidseise moet geskied.

Vir die Protestantse Christen word hierdie doel-essensies geaktiveer deur die ernstige voorneme om opreg voor God en teenoor die naaste te lewe. Hy sal selfstandigheid in keuse en handeling moet openbaar omdat hy self rekenskap moet gee van sy keuses en handeling. Vanweë sy praktiese ingesteldheid is hy willend en waarderend in die wêreld en het waardes in 'n rangorde van waarde-voorkeur nodig om te kan waardeer. As wesenlik waardebestrewende en waardeverwesenlikende wese is van belang, nie net dat hy kan waardeer nie maar wat hy waardeer.¹²⁹ Daar is behoorlikheidseise waaroor outonome besluite geneem moet word en waarvolgens selfstandig gehandel moet word.¹³⁰

Outonome besluite impliseer 'n nagmaalsganger wat weet dat hy ook eksplisiet volslae verantwoordelikheid vir wat hy in sy lewe gedoen en gelaat het, teenoor God moet en behoort te aanvaar. Bewus van eie swakheid sal hy hom voor God kan verootmoedig omdat die essensie van sy menslike bestaan aangesprokenheid van Bo is waarop hy moet "antwoord" op ver-antwoord-elike wyse.

Hierdie nagmaalsessensies bring dus die doel-essensies verantwoordelikeitsaanvaarding-vir-keuses-en-handeling in beweging, want as bevraagde

deur God moet hy in alledaagse handel en wandel voortdurend antwoord gee en sal uiteindelik tot verantwoording geroep word kragtens die feit dat hy toerekenbaar is vir sy daade.¹³¹ Sonder erkenning van 'n hoër gesag en sonder vryheid om te kies hoe hy gaan antwoord kan die mens geen verantwoordelikheid hê nie. Om verantwoordelikheid te aanvaar is nie 'n eenmalige plotselinge besluit of gebeurtenis nie; dit behels gedurig verfyning en getrouerwording om met groter gehoorsaamheid te antwoord.¹³² So sal die jeugdige lidmaat by die Nagmaal deur selfondersoek vasstel of hy ook so gesind is om hierdie doelessensie te aktiveer tot latente lewendigheid.

Toerekenbaarheid is slegs moontlik waar die moontlikheid tot keusevryheid bestaan.¹³³ Kragtens sy waarderende bewussyn kan die volwassene nou 'n keuse-vir-behoorlikheideise maak wanneer hierdie doelessensie verlewendig word deur die nagmaalsessensie "daaglik moet stry" om die goeie te doen en die kwade te laat. Die mens, en dus ook die nie-volwassene, is betrokke by die syn en is vanweë sy betrokkenheid-in-genormeerdheid toenemend verantwoording verskuldig aan die eise wat vanuit die syn aan hom gerig word. Weens sy personal ongeslotenheid kan hy beluister en verstaan en is bewus van die eis tot aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid.¹³⁴ Karl Jaspers wys op die personale gewetensbeslissinge en Langeveld noem dat elke mens by magte is om te

besluit en sy gedrag daarvolgens te rig¹³⁵ want hy is 'n sosiaal-sedelike-persoonlike wese met sosiaal-sedelike medemenslikheid¹³⁶ wat (volgens die nagmaalsessensie) dit ook met die daad teenoor mekaar kan bewys. Die essensie van die mens se vryheid tot keuse ("hij is die hij verkiest te zijn") en verantwoordelikheid is dat hy verantwoording verskuldig moet wees aan 'n voorgegewe instansie (Sartre) wat vir die Protestantse Christen God is. Hierdie religieuse relasie bepaal en wek lewe in die lewensvatbare etiese relasie.¹³⁷ Die Christen ken God as Vader en die Evangelie verkondig primêr Sy liefde teenoor Sy kind. Die kind-Vader gedagte ontspring uit relasie tot God (Binzwanger).¹³⁸ Wie in God glo word nie gedegradeer, verstar en verdinglik nie maar word van slawerny bevry, ontwaak tot egte vryheid, word gelei tot diepste verantwoordelikheid en tot sy kruis opneem omdat Hy met sy lewe gaan antwoord op God se Woord wat hom oproep tot liefde vir God en die naaste.¹³⁹ In hierdie nagmaalsessensie vernietig God (in die God-mens relasie) nie die vrye verantwoordelikheid van die mens nie, maar "fundeer en evoceert hom juis" (Martin Buber)¹⁴⁰ sodat dit lei tot afwys-van-verantwoordelikeids-verskuiwing-en-ontduiking.

Soos die nagmaalsessensies die doelessensies van potensieël-lewend na werklik-lewend gewek het, dien die doelessensies weer as moontlikheidsvoorwaarde vir die verwerkliking van Nagmaalsessensies.

4.3.4.3 Tweede beweging

Die doelstruktuur "Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling" en die genoemde Nagmaalsformulier-inhoude word nou gesamentlik en gelyktydig geïntegreer in die outentieke sintese, Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling volgens Christelik-Protestantse norme. Vir die Christen-Protestant sluit die regverdiging die heiliging in as "onlosmaaklik aan mekaar verbonde". Die heiliging is besonder aktueel in die praktyk van die lewe waar besluite en handeling selfstandig uitgevoer moet word omdat die mensdom "zij horen in de belijdenis een pretentie, die het werkelijke zichtbare leven van die gelowige geldt, een pretentie van heiligheid en ander-zijn",¹⁴¹ wat o.a. sal blyk uit sy getrouheid-aan-beslissinge en die wyse waarop die heiliging geleef word. Selfstandigheid dui op 'n stellingname en 'n trou bly aan die uiterste gevolge van eie besluite as handeling.¹⁴² Die geleef-word van die geloof is heiliging in Christus Jesus en toebereiding tot die heerlikheid om in Sy Genade in die empiriese werklikheid oor te gaan tot 'n lewe van keuses en handeling in die lig van behoorlikheidseise, volkome vernuwe en wedergebore (2 Kor. 5:17).¹⁴³ Die geleef-word van die geloof is altyd relatief, onvolkome, sondig, onaf en verg telkens van die belydende lidmaat nadenke oor sy lewe (want geheilig beteken, deur God apart gestel) sodat hy Sy eiendomsreg d.w.s. Sy Hoër gesag en norme ook in keuse en handeling in

die lewe erken¹⁴⁴ deur gehoorsaamheid te betoon vanweë 'n nuwe hart en nuwe gees in die binneste. Paulus maan die gemeente tot onberispelike en opregte gedrag as kinders van God (Phillip. 2:15), nie geïsoleerd van die wêreld nie, maar in eiesoortige betrekking tot die wêreld as skynende ligte tot verheerliking van die Vader (Matt. 5 : 14,16).

Heiliging sluit 'n ernstige voorneme in om God lief te hê met die hele hart, verstand, siel en alle menslike kragte, om die kruis op te neem, alles te verlaat en Hom te volg. Dit dui dus op 'n selfstandige verantwoordelikeitsaanvaarding vir keuses en handelinge ook teenoor die naaste teenoor wie hierdie verantwoordelikheid in die daad teenoor mekaar bewys moet word. Die Christelike daad in al sy onvolkomendheid dra die karakter van 'n demonstrasie van die geloof in die belofte van God "maar ons verwag volgens Sy belofte 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Petrus 3:13). Die Christen-Protestant is dan iemand wat weet dat hy met alles wat hy het, aan Christus behoort. Hierin lê sy geborgenheid¹⁴⁵ sowel as sy vryheid van die slawerny van die sonde. Sy vryheid is vryheid tot verantwoordelikheid en volkome toewyding aan die Vader in volmaakte gehoorsaamheid en heiliging deur Sy Woord in die waarheid (Joh. 17:17, 19). Die Heilige Gees stel hom in staat om vrugte te dra tot Sy verheerliking en om deur die geloof die werke te doen, wat Hy

doen (Joh. 14:12).

Die vryheid van die mens is eerstens 'n vryheid van 'n gedetermineerd-wees deur verskeie faktore, maar tweedens 'n vryheid tot verantwoordelikheid as plig tot rekenskap oor die aanwending van sy vryheid. Aánvaarding van sodanige verantwoordelikheid beteken om gesag te erken en te gehoorsaam. Dit is 'n beantwoording van imperatiewe wat tot hom kom en sy lewe van keuses in 'n bepaalde rigting opeis. Hy kan nie maak wat hy wil nie maar hy moet maak wat hy behoort te doen. Sedelike vryheid bereik sy volle wasdom en sy volle vrugbaarheid wanneer dit deur die vryheid van keuse¹⁴⁶ heengaan en 'n skeppende sig-verbind-tot word en lei daartoe dat die mens homself as persoon in sy menslike waardigheid bevestig.¹⁴⁷ Vryheid is vir die Christen-Protestant duiwelingswekkend sonder die geloof dat die Skenker van die Vryheid ook die geborgenheid bied om die verantwoordelikheid wat die vryheid eis, te aanvaar. Die geborgenheid is gawe en opgawe omdat die mens in uitsonderingsposisie staan, geroepe om persoon te wees, en draer van waardigheid waardeur hy sy verantwoordelikheid nie kan ontvlug nie. Hier is dus die opgawe van verantwoordelikhedaanvaarding-vir-keuses-en-handelinge. So sal die gelowige hom moet voorneem om daagliks te stry om Sy geboorte te bewaar, goeie werke te doen en in Sy liefde te bly (Joh. 14 : 15, 24). "Dat de gelovige een taak het is waar"... maar "een eigen verdienstlikheid

krijgt de heiliging niet. Het is een teren op de rechtvaardiging en een wachten op de verheerlijking.¹⁴⁸ Tog word vir die noodsaaklikheid van goeie werke betoog (Sondag 32, Antwoord 86) in die Heidelbergse Kategismus en verder beklemtoon dat elkeen uit sy geloof van vrugte verseker kan wees. 'n Lewe van heiligheid en dankbaarheid is in hoë mate prakties en aktueel want die heiliging rig alleen die oog op God se goedheid (Calvyn)¹⁴⁹ sonder om te let op die werke. Gerigtheid op God laat dan die keuse-vir-behoorlikheidseise in sy volheid gedy want "die Here jou God moet jy navolq en Hom vrees en Sy gebooe onderhou, Sy stem gehoorsaam en hom dien en aanhang" (Deut. 13 : 1-4). Die kinders van die lig word opgeroep om as kinders van die lig te wandel (Ef. 5 : 8) omdat Christus die mens vrygemaak het en opgeroep het om in vryheid te staan; 'n vryheid tot verantwoordelikheid ook in die daad.¹⁵⁰ In gerigtheid op God word die gewete gegrondves, opgerig en bevestig deur die geloof sodat ons werke slegs die getuienis word dat God in ons werk, woon en regeer. Hy onderskraag ons en versterk ons in geloof.¹⁵¹

"Want dít is die wil van God : julle heiligmaking" (1 Thess. 4 : 3). Die evidensie van hierdie imperatief is sterk maar dien nie tot komplementering (voltooiing) van die heil nie. Die heil hang saam met voortdurende betrokkenheid op die Kruis as middelpunt en dui op die persoonlike aktiwiteit van die individu.

Aanvaarding-van-persoonlike-verantwoordelikheid

word funksionierend vir die Christen Protestant as hy poog om te voldoen aan die eis om "My insettinge en al My regte te onderhou en te doen" (Lev. 19 : 3,4).

Aktief word die mens persoonlik aangespreek en opgeroep "om zich te heiligen en zijn gansche leven God te wijden" (Rom. 12 : 1,2); om die oue af te sterf en te kom tot opstanding van die nuwe mens. Die Skrif hou dus albei vas: "Gods alwerkzaamheid in genade en onze verantwoordelikheid en de gehandhaafte zelfwerkzaamheid des menschen."¹⁵² Heiligmaking word openbaar in die goeie werke wat geloof tot beginsel, die Wet van God tot norm, en Sy eer tot doel het.¹⁵³ Hiertoe word die gelowige gemaan en verplig omdat God hom eerste lief gehad het.¹⁵⁴ Oorvloedige genade word ontvang en bring die mens in nuwe verhouding tot God en werk aktiwiteit in die hand.¹⁵⁵ "Elkeen wat hom aaneem het, het Hy mag gegee om kinders van God genoem te word" (Joh. I : 12,13) en dit het volstrekte en blywende betekenis in die werklikheid¹⁵⁶ waar die gelowige daaglik sy kruis moet opneem, stry in die geloof, kies en handel volgens behoorlikheidseise en dit in die daad teenoor mekaar bewys.

Hierdie heiliging tree hedendaags nog skerper na vore en moet lei tot besliste afwys-van-verantwoordelikhedsverskuiwing-en-ontduiking. Die vernuwing van die lewe trek in die hede die aandag van die moraliste wat meen dat hulle dieselfde doel

as die Christen nastreef. Hulle verbind graag die Christelike en nie-christelike moraal in die konkrete werklikheid.¹⁵⁷ Johannes en ander apostels vermaan die gelowige dan ook voortdurend tot liefde met die daad en waarheid (1 Joh. 3:18) en tot reiniging van die self (1 Joh. 3 : 3). Luther is skerp gekant teen die verdienstelikheid van goeie werke maar beklemtoon tog dat Christus in die gelowige gestalte moet aanneem. Geloof en werklikheid is nou verbonde "in het ware geloof valt voor hem de beslissing niet tegen, maar in de goede werken en in het ganse nieuwe leven". Die geloof moet die goeie werke voorafgaan.¹⁵⁸ Dit stel die werklikheid evangelies-krities in volle lig, die nuwe versoend-wees wat met Kindskap gegee is deur die geloof is die fondament van die heiligheid. Alle werke word gerig op die beswil van die naaste en om die medemens uit vrye liefde te dien.¹⁵⁹ Die waaragtige geloof is die enige weg tot goeie werke¹⁶⁰ en daardeur, met inwerking van die Heilige Gees, kom die gewete tot rus en is die mens gewillig tot deelname aan 'n nuwe lewe deur Sy opstanding, om deel te hê aan die gemeenskap van die heiliges, die roeping teenoor die naaste te vervul, ware vrugte te dra en te stry teen die nog blywende sondige menslike aard (Heidelbergse Kategismus).¹⁶¹

Dit is dus duidelik dat die kategetiese onderrig wat gerig is op persoonlike regverdiging ook deur herhaling van die Nagmaalsviering, die voorvolwassene en jeugdige lidmaat wil steun op die

pad van heiligmaking. Hierdie nagmaals-
essensies wek dus lewe, aktiveer en laat die
lewensvatbare doelstruktuur Sedelik-selfstandige
besluitvorming en verantwoordelike handeling elke
dag in die werklikheid lewend funksioneer. Só`
word Nagmaals- en doelessensies weereens geïntegreer
in 'n synswyse waarin hulle behoue en bewaar bly.

4.4 NORMIDENTIFIKASIE

4.4.1 Normidentifikasie : Beskrywing en uitleg.

Die mens is 'n wese wat 'n uitsonderingsposisie bekleed juis vanweë die feit dat hy hom as openheid altyd in 'n normatief-normerende verband bevind.¹⁶² Menslikheid is 'n normsentriese begrip omdat die mens vir hom voorstellings kan maak van die goeie en afkeurenswaardige en ten opsigte daarvan kan kies en handel.¹⁶³ Sy bestaan gee blyke van 'n gegrepenheid in waardes as betekenisdraende en sinbehelsende groothede. Die mens verteenwoordig 'n spanningsveld van waardes wat sy fundering vind in die sedelike bewussyn as behoorlikheidsbesef.¹⁶⁴ Hy maak waarde-uitsprake, huldig waardes met hulle geïmpliseerde norme en normeer sy lewe van keuses aan die hand van aanvaarde en geërbiedigde norme.¹⁶⁵ Die mens moet geleidelik word tot 'n mens met innerlike eenheid, bestendigheid en betroubaarheid: 'n persoon wat vanuit sy eie beginsels, standhoudende gesindhede en ideale reg en goed kan, wil en sal kies, beslis en handel.¹⁶⁶

Vir die verwerkliking van normidentifikasie is die kind aangewys op die steun van die volwassene as beelddraer van norme.¹⁶⁷ So is dit die taak van veral die ouer maar ook van die Kerk, om die beeld van behoorlike volwassenheid vir die kind voor te leef en die kind te help om homself te sien "alz een zich transcenderend wezen" (Langeveld).¹⁶⁸ Die volwassene moet in staat wees daartoe om op 'n sedelik-selfstandige, sinvolle en aanvaarbare wyse uitdrukking te gee

aan die idee van volwasse menslikheid sodat die kind homself met so 'n lewenswyse kan identifiseer en dit in sy lewe tot vergestaltung kan kom.¹⁶⁹

Die opvoeder as norm-erkennende volwassene bemoei hom doelbewus met die kind, hou 'n bepaalde normsisteem as juis en goed aan hom voor en lei hom deur 'n rangorde van waardevoorkeur.¹⁷⁰

Die volwassene doen die behoorlike ter wille van die behoorlike self. Hier is dus sprake van behoorlikheidsbeoefening uit eie keuse omdat die volwassene lewe onder die gesag van norme waarmee hy hom geïdentifiseer het.¹⁷¹ Die mens is vryheid om te kies. Hy is 'n waardebepalende wese, gevoelig, ontvanklik en met 'n geesdrif vir die waardevolle wat hy probeer bestendig en bevorder terwyl hy die onwaardevolle en afkeurenswaardige teengaan en vernietig. Elke keuse waarby die wil betrokke is, gee blyke van waardes wat gehuldig word omdat die mens 'n waardebepalende, waarde-bestrewende en waardeverwerklikende wese is.¹⁷² Ook Perquin beweer dat die mens se ware persoonwees is om homself te wees, om waardes te erken, te aanvaar en daarvolgens te handel deur dit in sy persoonlike lewe te verwerklik.¹⁷³

Die mens is dus volwasse wanneer daar sprake is van vereenselwiging met besondere norme. So 'n normgerigte identifikasie gee blyke van 'n eie, selfstandige, toerekenbare behoorlikheidsbesef en 'n volkome identifikasie met 'n bepaalde lewensweg¹⁷⁴ en "van de waarden en de waarderangorde, welke men in het leven erkent, waaronder men het

mensenlewen gesteld ziet".¹⁷⁵

Opvoeding is dan juis so 'n gebeure waarby wording betrokke is vanweë die nimmer-eindigende gekonfronteertheid met norme wat dien as rig- en meet-snoere vir die lewe van keuses as bewus gewilde verandering-deur-handeling met die oog op verbetering. Verbetering-ten-goede dui op 'n gedyende gehoorsaamheid aan die gesag van norme soos dié in 'n bepaalde kultuurgemeenskap tot vergestaltung kom.¹⁷⁶ Gehoorsaamheid aan norme impliseer toereikende normkennis wat vervat word in die lewensopvatting as die totaal van denkbearde wat oor die waardevolle gehuldig word.¹⁷⁷

4.4.2 Normidentifikasie : Essensies

Die volgende essensies is in die voorafgaande beskrywing oor die doelstruktuur, normidentifikasie, aan die lig gebring.

4.4.2.1 Behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse.

4.4.2.2 Vereenselwiging-met-besondere-norme.

4.4.2.3 Toereikende normkennis.

4.4.3 Normidentifikasie : Nagmaalsformulier-inhoude.

Vir die Protestantse Christen, as geskapene, lê die absolute waardes verspreid in God se Openbaring in die Heilige Skrif. Hy is gehoorsaamheid aan God verskuldig om in heiligheid en goedheid die hoogswaardevolle te verwesenlik¹⁷⁸ en opreg te wandel voor Sy aangesig. Hiervoor sal dit nodig wees vir die voornemende lidmaat om die Wet,

soos openbaar in die Woord en belydenisskrifte, te ken en telkens opnuut (ook voor elke Nagmaalsviering) oor te gaan tot sedelike selfbeoordeling ten einde vas te stel of dié waardes wat van God kom verwesenlik word in eie lewe.

Die mens staan nie alleen onder die gesag van die Wet met al sy verordeninge nie maar word tergelyker-tyd ook deelgenoot aan al die ryke beloftes ver- vat in Sy Woord.¹⁷⁹ Daarom moet elke Nagmaalsganger vasstel of hy ten volle vertrou dat Jesus Christus in hierdie wêreld ingestuur is om die mens se vervloeking op Hom te neem, om hom met Sy seëninge te vervul en te red tot die ewige lewe. Indien hy wel glo verootmoedig hy hom voor God om met waaragtige geloof Sy genade aan te roep sodat die barmhartige God en Vader, deur Sy Heilige Gees die harte bewerk om met ware vertroue hoe langer hoe meer oorgegee te word aan Sy Seun Jesus Christus. Dit sluit dus nie alleen die heiligmaking in nie maar ook volharding op die weg van heiligmaking deur Sy genade, sodat die mens gespysig en gelaaf deur die krag van die Heilige Gees nie meer in sondes mag lewe nie. Só mag die mens aan die nuwe en ewige testament en verbond van die genade deel hê en sal hy ook nie twyfel daaraan dat die genadige Vader die sondes nimmermeer aan hom sal toereken en hom met alle dinge na liggaam en siel sal versorg nie. Verder smee die Nagmaalsganger om genade om nie aan die uitwendige te bly hang nie maar die hart opwaarts te verhef met toekomsverwagting na Sy koms en heerlikheid. Dit

beteken dankbaarheid en volharding om volgens die voorskrifte van die Woord en die gebooe te lewe. Die Nagmaal verkondig juis deur Sy dood dat die rigoristiese voorskrifte van die Ou Testament in die Nuwe Testament vervang word deur die Wet van Liefde¹⁸⁰ (teenoor God en die naaste).

Naas die relevante religieuse struktuur, "Volharding", is dus die volgende nagmaalsessensies uitgelig: ... opreg te wandel, .. met ware ver-troue ... oorgee, ... nie twyfel nie, nie aan die uitwendige .. bly hang nie maar ons harte opwaarts verhef, ... volgens .. gebooe te lewe.

4.4.4 SINTESE

4.4.4.1 Die dialektiese triade : Normidentifikasie/Nagmaalsformulier-inhoude / 'n Christelike-Protestantse wyse van Normidentifikasie

4.4.4.2 Die beweging Normidentifikasie na Nagmaalsformulieressensies

Die doelessensie behoorlikheidsbeoefening-uit-eie-keuse dui daarop dat die mens as eksistensie genormeerde lyflikheid is wat in ongeskeie totaliteit handel in ooreenstemming met behoorlikheids-eise op so 'n wyse dat die persoonlike digniteit nie verloën word nie. Vir die Christen beteken dit dat die mens in sy totaliteit voor God te staan kom en van hom verwag word dat sy vryheid nie 'n vryheid of losmaking van Sy God is nie, maar 'n vryheid tot verantwoordelikheid as 'n God geskapene en 'n deur-Christus verlose.¹⁸¹

Die nagmaalsessensie om opreg te wandel voor God aktiveer dan die lewensvatbare doelessensie tot werklike lewendigheid.

Christelike ouers en die Kerk streef daarna om bepaalde norme voor te leef en goeie Christene op te voed wat in die lewe sal standhou dus in staat sal wees tot behoortlikeisbeoefening-uit-eie-keuse omdat hulle ten slotte "hebben een impliciet normatief mensenbeeld" in Jesus Christus. Daar is 'n bepaalde rangorde van waardes gelei deur die leer van die Kerk,¹⁸³ waarvolgens voor-geleef kan word totdat die jeugdige lidmaat in staat is tot vereenselwiging-met-besondere norme. Hierdie doelessensie word verlewendig deur die nagmaalsessensies in ware vertrouwe deur die krag van die Heilige Gees oorgegee aan Jesus Christus en die norme wat spreek uit Sy lewe en sterwe. Met hierdie Absolute norme wil die belydende lidmaat hom persoonlik vereenselwig en sy lewe daarvolgens rig sonder om te twyfel. Dit sal dan nodig wees om die harte opwaarts te verhef na waar al die mens se hulp vandaan kom. In dankbaarheid en verootmoediging sal die ware gelowige voortaan 'n vaste voorneme hê om volgens die gebooie, die norme van Liefde waarmee hy homself vereenselwig het uit eie keuse, te lewe.

Die doelessensie, toereikende normkennis, word dus werklik lewendig as die belydende en voornemende lidmaat tydens die kategetiese onderrig en deur daaglikse bestudering van die Heilige Skrif kennis neem van God as die Absolute Norm.

Terselfdertyd is daar ook sprake van aktiwiteit wat gewek word in die Nagmaalsessensies deur aanwending van genoemde doelessensies. As volwassene stel die belydende lidmaat homself uiteindelik onder die gesag van dié norme waarmee hy hom identifiseer het en is daar sprake van normgerigtheid op sy lewensweg.

4.4.4.3 Die tweede beweging:

Die pedagogiese doelstruktuur normidentifikasie wat nou beweeg is tot werklike lewendigheid gaan nou gesamentlik en gelyktydig met Nagmaalsessensies oor tot 'n Christelik-Protestantse wyse van normidentifikasie en word geïntegreer in 'n outentieke sintese waarin die volwassene volkome geïdentifiseer is met tot-lewe-gewekte Christelik-Protestantse norme. Deur die genadige werking van die Heilige Gees sal hy voortaan gerig bly op die Vader en poog te volhard in sy toenemende heiligmaking. "Door middel van dit geloof worden daarom uit de liefde de goeie werken geboren welke hun maatstaf hebben in de wil Gods, gelijk die kort en zakelijk in de tien geboden is vervat."¹⁸⁴

Die Heilige Gees stel dus in staat tot behoorlikheids-beoefening-uit-eie-keuse, om die werke te doen wat Hy doen (Joh.14:12), vrugte te dra om Hom te verheerlik (Joh.15:8), Sy gebooie te bewaar, in Sy liefde te bly (Joh.14:15,24) en sy toevertroude talente tot diens van God en die medemens te stel.

Heiligmaking is nie die uitkoms nie maar die voortgang van die heiliging of toewyding aan God,¹⁸⁵ deur nie aan die uitwendige te bly hang nie maar die harte opwaarts te verhef, nie te sondig nie, maar die wêreld te oorwin, volgens die gebooie te lewe en opreg te wandel in die lig (1 Joh,1:7). Hiertoe is die volwassene in staat omdat hy van uit sy situasie in staat is om sy wêreld te ontwerp as gevolg van sy intensionaliteit (van Peursen) en sy keuse-vryheid. "Hij kiest in vryheid zijn lot", ontwerp sy toekoms, "kiest nie alleen zichzelf, hij kiest ook zijn moraal".¹⁸⁶ Vir Buytendijk is die vryheid die menslikste wesenskenmerk van die mens "het uit eigen initiatief zich richten op het ware en het goede" omdat hy as 'n lewende, veranderende wese, handelend in 'n steeds veranderende wêreld, antwoordende op dinge, gebeurtenisse en ander mense is.¹⁸⁷ Weer is hier dus sprake van beoefening van die behoorlike uit eie keuse. Vir die Christen-gelowige is die sedelike norm diep veranker in sy sedelike natuur kragtens die Skepping "geskape na Gods beeld."¹⁸⁸ Hy vind in Christus 'n mensbeeld waaraan hy kan vashou en wat "maatgevend is".¹⁸⁹ "In heel sy mens-syn na siel en liggaam is die mens 'n geestelike wese"¹⁹⁰ wat op God gerig is en het as bestemming om in gemeenskap met God te lewe, dus geïdentifiseer met die norme en voorskrifte van God.

Dit beteken vereenselwiging met besondere norme, vermaning aan die gelowiges om te volhard tot die einde toe (Matt. 24:13), om te bly in Christus,

Sy Woord en Sy liefde (Joh. 15:1-10), om nie af te wyk nie maar die geloof te behou (Kol. 1:23) en getrou te bly tot die dood toe (Openb. 2:26). Die Nagmaalsessensies met ware vertrouwe oorgegee aan Jesus Christus sonder om te twyfel laat hierdie doeleenssie in die volheid van die Christelike lewensyn en laat dit ten volle funksioneer in daaglikse lewe.

Die mens word egter nie aan homself oorgelaat nie maar die Heilige Gees deur die genade van God, het die werk begin, sal dit handhaaf, voortset en voleindig. Augustinus het dit reeds gestel dat die genade eerstens spreek uit die wedergeboortedeur-die-geloof en tweedens deur die perseverentia, die volharding. "Hij waakt en zorgt dat het werk der genade voortgang en voltooiing hebbe, maar Hij doet dit niet buiten de geloowigen om, doch door hen henen."¹⁹¹ Dit dui dus op onwankelbare geloof en oorgawe waardeur Hy lewe skenk wat van nature ewig is. Hy verleen weldade van roeping, regverdigmaking, en verheerliking wat onverbreekbaar is. Volharding (vereenselwiging met Goddelike norme) is die weg waarin God self deur die gelowige Sy belofte en gawe bevestig en dit in die lewe realiseer. Dit is geen dwang nie maar genade as God deur vermaning en waarskuwing tot saligheid lei. Volharding in geloof dui op genade, die werking van die Heilige Gees maar ook op 'n self-gewillig-wees,¹⁹² 'n persoonlike vereenselwiging met norme uit eie keuse en deur

eie geloofsaanvaarding.

Die volharding omvat 'n passiewe sowel as 'n aktiewe moment. Eersgenoemde bestaan daarin dat God Sy gelowige instand hou, nie van hom wyk nie en hom beskerm en bewaar selfs as hy struikel.¹⁹³ Hy "gee hulle die ewige lewe en hulle sal nooit verlore gaan nie" (Joh, 10:28) en die Heilige Gees sal by hulle bly.¹⁹³ Die aktiewe volharding hou hiermee verband dat die mens in elke opsig sy lewe buite homself in Christus soek, volledig afsien van die self en opsien na Christus,¹⁹⁴ die harte opwaarts verhef. Dit geskied as hy met ware vertroue oorgegee is aan Christus omdat sy verbond nie wankel en Sy beloftes nie faal nie, en omdat die gelowige onomstootlik kan aanvaar dat Christus die sondeband van die onheilige verlede radikaal deursny "sodat wij daarmee afgedaan, hebben" en terselfdertyd "vernieuwt Hij ons ook door zijn Geest naar Zijn evenbeeld opdat wij ons leven lang Gode dankbaarheid zouden bewijzen en Hy door ons zou geprezen word".¹⁹⁵ Heiliging en volharding, ook normidentifikasie, geskied nie alleen deur 'n lewelin-gehoorsaamheid nie maar bring wel die verpligting mee om in die weg van die verbond te wandel omdat Hy die gelowige 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee deur die Wet by hulle in te skerp sodat hulle in sy insettinge,¹⁹⁶ en na Sy gebooie kan wandel. Hier vind ons sprake van voltrekking van beweging wanneer die doeleensensie toereikende norm-kennis tot lewe gewek word in die praktyk van die daaglikse bestaan van die Christen-Protestant.

Hy doen dus omdat hy weet dat hy behoort.

Die Heilige Gees sal by die gelowige bly, bevestig en voleindig die goeie werke, bewaar die gelowige vir 'n toekoms in Christus, lei hulle tot volkome saligheid en deur die geloof tot die ewige lewe.

Die geloof is die vaste grond (Hebr. 11:1), die hoop is die anker (Hebr. 6:19) wat nimmer beskaam en die liefde vergaan nimmermeer (1 Kor. 13:18).¹⁹⁷

"Geloof, hoop en liefde - maar die uitnemendste hiervan is die Liefde" (1 Kor. 13:13) waarmee die Christen-gelowige homself volkome moet identifiseer ten einde dit in die volheid van sy lewe te laat skyn en heel sy lewensweg hierop te rig.

4.5 LEWENSOPVATTING

4.5.1 Lewensopvatting : Beskrywing en uitleg

'n Volwassene se keuses en die handeling wat daaruit moet voortvloei word gekenmerk deur 'n onvoorwaardelike gebondenheid aan die behoorlikheidseise wat spreek uit sy lewensopvatting¹⁹⁸ as die totaal van oortuiginge betreffende die lewenswaardevolle as die lewensverpligtende en mensopeisende (Oberholzer).¹⁹⁹ Dit is nie alleen waardevol nie maar ook noodsaaklik om ooreenkomstig die lewensopvatting te handel deur die gesag van norme te erken en 'n lewe-van-behoorlikheidseise te voer.²⁰⁰

"Mensen leven is nooit zonder levensbeschouwing, en de l evende mens is het, die zijn leven beschouwt. In dat beschouwing staat hij niet buiten zijn leven, maar leeft hij het" omdat dit 'n integrerende bestaandeel van die lewenspraktyk is "en gedurende

heel ons leven werk en bouwen we aan onze levens-
beschouwing".²⁰¹ Die lewensopvatting moet dus
aansluit by die lewenswerklikheid; "op wat daar
in 'n gegewe situasie gedoen behoort te word."²⁰²

Daar is ook 'n positiewe verband tussen opvoedings-
doel (di. pedagogiese doelstrukture en -essensies)
en die vereistes van die lewensopvatting.²⁰³

Geen ware opvoeding is moontlik sonder die
sentrale en rigting-gewende krag van 'n lewens-
opvatting nie.²⁰⁴ "n Mens se beskouing oor die
lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding"
(Chris Coetzee).²⁰⁵ Dit is dus duidelik dat

'n persoon of sosiale groep se opvatting van die
doel van die opvoeding verwortel lê in sy bepaalde
wêreldbeskouing en lewensopvatting en dat hierdie
partikuliere lewensopvatting 'n bepaalde inhoud gee
aan die algemene of universele van lewensbekwaam-
heid, geestelike volwassenheid, selfstandige
volbrenging van die eie lewenstaak en verdere doel-
stellinge (Gunter).²⁰⁶ Opvoeding hou "ten
nauwste verband ... met die lewensooruiginge
welke de opvoeder sentraal en echt bepalen".
Sonder hierdie oortuiginge kan die opvoeder
geen vastigheid bied nie want "het mist juist
de zelfbepaling door zedelijke normen", gewetens-
besluite en die daarop-berustende wil tot handeling.
Waardegebiede en - verhoudinge berus op die lewens-
opvatting en "daarmede komt dan ipso facto de
opstelling van een opvoedingsdoel tot stand.
De opvoeding heeft dus een doel, in zoverre de
opvoeder er zelf heeft met zijn leven" (Langeveld).²⁰⁷

Die kind word nie as selfstandige beoefenaar van die normbeeld van volwassenheid gebore nie. Daarom moet die opvoeder, as verteenwoordiger van die normatiewe, in sy lewe ingryp en 'n bepaalde verloop daaraan gee om die kind te lei na hegte gebondenheid aan 'n eie lewensopvatting en konstante gehoorsaamheid-aan-die-behoorlikheidseise wat daaruit spreek²⁰⁸ en wat van 'n volwassene verwag word.

Om gehoorsaam te wees aan besondere behoorlikheids-eise dui op en word voorafgegaan deur die aanvaarding-van-besonderheid-van-lewensopvatting as 'n besondere antwoord op die vraag na die sin, doel en waarde van die lewe.²⁰⁹ 'n Besondere groep of volk beskou sy partikuliere lewensopvatting, op grond van 'n bepaalde rangorde van waardevoorkeur wat deur hulle gehuldig en beoefen word, as die beste.²¹⁰ Elke groep beskou en aanvaar dus sy besondere siening as iets besonders waarop daar dan op besondere wyse geantwoord word.²¹¹ Al is die lewensopvatting 'n partikuliere aangeleentheid maak diegene wat dit huldig nogtans aanspraak daarop dat hulle lewensopvatting dié lewensopvatting is, die enige-ware en die enige-geldende.²¹²

Soos in die voorafgaande hoofstukke en paragrawe beskryf kan die algemeen-geldige pedagogiese doelstrukture en -essensies dus vir die Christen-Protestant alleen tot-lewe-gewek word deur die aanwending van die partikuliere lewensopvatlike inhoude en essensies soos oa. saamgevat en beskryf in die Nagmaalsformulier.

'n Aanvaarding van só 'n besondere lewensopvatting impliseer die noodsaaklike bewuswees-van-lewensopvatlike-eise sodat dit vergestalt kan word in die daaglikse willende en waarderende dialogiese omgaan van die handelende mens met die wêreld waarin hy beleef, leef en beweeg. Dit lê beslag op die onvoltooide en immer onvoltooibare mens in sy nimmereindigende onderweg wees na 'n wêreld wat hy vir hom na behore, in die lig van besondere behoorlikheidseise, bewoonbaar wil maak. Die lewensopvatting spreek, vra en roep op tot keuses en handeling in die lig van die som van die behoorlikheidseise waaraan hy gehoorsaamheid moet betoon in sy daaglikse handel en wandel.²¹³

Lewensopvattinge is nie kant en klaar gemaakte groothede nie. Hulle het geword en as wordende word hulle nog voortdurend (Oberholzer). Die lewensopvatting is dus historiese aangeleentheid met die oorsprong ver terug in die verlede verwortel. Die Protestantse Christendom se lewensvisies word veral gedra deur die Heilige Skrif vanuit Jerusalem, deur die Kerkvaders en Kerkhervormers (veral Calvyn), en is hier te lande binne gedra deur Geus en Hugenoot na die stigting van die volksplanting. In die tweede instansie is dit histories omdat individuele menslike bestaan binne 'n bepaalde sosiaal-kulturele milieu afspeel wat 'n besondere vormende invloed op 'n bepaalde persoon het. Kennis-van-lewensopvatting word dus veronderstel veral omdat 'n bepaalde lewensopvatting nooit aan eie persoonlike oorspronklikheid en vindingrykheid toegedig kan

word nie (Oberholzer).²¹⁴

Die lewensopvatting as rigsnoer van die lewe is geen biologies-erfbare aangeleentheid nie maar moet geleidelik en in toenemende mate verwerf word deur antwoord te gee op die behoorlikheidseise wat aan hom in die huis, skool en kerk gestel word. (Vir die Christen-Protestant spreek die behoorlikseise uit die Woord en Wet van God, aangevul deur die formuliere en belydenisskrifte). Verwerwing-van-lewensopvatting is geen voltooibare aangeleentheid met statiese karakter nie, maar word moeilik bestendig. Wanneer sedelike-selfstandigheid intree word 'n mate van konstantheid bereik wat die wesenlike betref. Maar sowel lewe-wekkende (bv. bekering) as lewe-aftakelende momente kan wysiginge aan die inhoud en toepassing meebring.²¹⁵ Bestendinging-van-lewensopvatting is dus 'n moeilike, dinamiese nooit-voltooide aangeleentheid van die gemoed wat nie berus op die rasioneel-kritiese denke nie maar na sy inhoudelike dui op die bówetenskaplikheid-van-lewensopvatting.²¹⁶ Dis 'n ideële en geen konkreet-sigbare of hanteerbare aangeleentheid nie. Dis 'n aangeleentheid van oortuiginge en sekerhede aangaande die sinvolle en behoorlike wat die menslike bestaanswyse maak wat dit is en soos dit is. Dit kan nooit die uitkoms van wetenskaplike besinning wees nie maar is 'n aangeleentheid van belydenis, vertrouwe en geloofswete (Oberholzer).²¹⁷ Teenoor die rasonele kom die irrasionele van vertrouwe en geloof te staan. Daar word ook begin oor die verwerkliking van waardes in 'n rangorde van

waardevoorkeur wat berus op die partikulêre mens-
beskouing en lewensopvatting wat ideologiese momente
behels - dit is dus 'n aksiologies-ideologiese
aangeleentheid waarin ook gepoog word om die vra-
na ewige en ewig-geldende doelstellinge te beant-
woord.²¹⁸ Die mens, bewus van die onvoltooide en
onvoltooibaarheid van sy gebroke menslike bestaan
waaraan verganklikheid, nietigheid en eindigheid
klewe het 'n behoefte aan veiligheid en vastigheid
wat gemoedsrus sal verskaf. Daarom leef hy uit
vertroue dat 'n Mag uit die gebied van die Gans-
andere, sy lewe vasgryp, sy bestaan sinvol en geken-
merk deur verantwoordelikheid sal maak sodat hy
permanent afhanklik van en gehoorsaam aan die Bron
van alle Lig, Lewe, Liefde en Krag kan wees. Dit
gee gemoedsrus en word alleen in die godsdiens ge-
vind.²¹⁹

Vir die Christen-Protestant is die Lig waarin hy
kom staan, die Lig van genade en seënninge wat die
mens uit die duisternis getrek het na die Lig en
hom wederbaar het tot Kindskap en gerigtheid op God.²²⁰
Hierdie gerigtheid lei tot 'n loflied van dankbaar-
heid en diens, 'n lofsang oor barmhartigheid van ge-
slag tot geslag vir die wat Hom vrees (Luk.1:50),
'n bereidwilligheid tot diens (elkeen volgens sy
talente) en stryd, 'n strewe na die geregtigheid
en gryp na die ewige lewe (1 Tim.6:12)
totdat die oorwinning kom.²²¹

4.5.2 Lewensopvatting : Essensies

Die volgende doelessensies is uit hierdie voorafgaande beskrywing gelig nl:

- 4.5.2.1 Lewe-van-behoorlikheidseise
- 4.5.2.2 Gehoorsaamheid-aan-behoorlikheidseise
- 4.5.2.3 Aanvaarding-van-besondersheid-van-lewensopvatting
- 4.5.2.4 Bewuswees-van-lewensopvatlike-eise
- 4.5.2.5 Kennis-van-lewensopvatting
- 4.5.2.6 Verwerwing-van-lewensopvatting
- 4.5.2.7 Bestendiging-van-lewensopvatting
- 4.5.2.8 Bowetenskaplikheid-van-lewensopvatting

Die lewensopvatting is 'n suiwer menslike aangeleentheid en hang ten nouste saam met die mens se opvattinge aangaande menswees, sy waardeleer en opvoedingsleer wat besondere aspekte van die lewensopvatting is en daar-deur behels word. Hierdie beskouinge is van groot waarde in sowel die daaglikse bestaan as in die opvoedingspraktyk.

Verwerkliking van al die reeds beskrewe doelstrukture word saamgevat in dié essensies van die lewensopvatting. Die doelstrukture toon dus blyke van sin en sinsamehange. So dui die essensies lewe-en-gehoorsaamheid-aan-behoorlikheidseise op verwerkliking van die doelstruktuur, normidentifikasie, terwyl sinvolheid-van-bestaan verwerklik raak in die aanvaarding-van-besondersheid-van lewensopvatting en in die bewus-wees van bevraagtheid en lewensopvatlike eise. Kennis-van-lewensopvatting is moontlikheidsvoorwaarde vir die verwerkliking van die doelstruktuur, Selfbeoordeling en selfbegrip.

'n Gefundeerde, partikuliere mensbeskouing kan 'n nastrewenswaardige mensbeeld daar stel wat as normbeeld vir volwassenheid²²² en menswaardigheid kan dien en sal al die mens se oortuiginge aangaande dit wat waardevol is omvat (Oberholzer).²²³ Sedelik-selfstandige besluitvorming en verantwoordelike handeling sal lei tot die verwerwing-en-bestendinging-van-lewensopvatting wat 'n bo-wetenskaplike aangeleentheid van aanvaarding, vertrouwe en geloof is.²²⁴

4.5.3 Lewensopvatting : Nagmaalsformulierinhoud

Die volgende nagmaalsessensies (wat vollediger beskryf sal word) ... met sy ganse lewe ..., God aanroep en ... ons Heiland bely, tesame met die relevante religieuse struktuur, Dankbaarheid, kring wyd uit om die hele spektrum van die Christen-Protestant se lewe te omsluit en dit behels meer as slegs die doelstruktuur, lewensopvatting, maar sluit ook al die ander tot-lewe-gewekte doelstrukture in.

Tydens die kategetiese onderrig word die voornemende lidmaat gesteun tot outentieke gemoedsrus deur die b6-wetenskaplike aangeleentheid van geloof as persoonlike aanvaarding van en vertrouende oorgawe aan God as Leidsman, Redder, Beskermer en in Jesus Christus as Saligmaker. Sy beloftes dien as rigsnoer vir die lewe. Die openbarende genade en geloof is die inhoud van die Evangelie en Nagmaalsformulier, en deur genade word die weldade in geloof en dankbaarheid

aangeneem en vir homself toegeëien (waarvan hyself getuig by elke erediens en ook tydens die Nagmaalsviering in die Apostoliese Geloofsbelydenis).

Dit dui op aanvaarding-van-die-besondersheid van sy lewensopvatting. Geloof skenk hoop, blydschap en vertroue in die sinvolheid van die bestaan en stel die gelowige in staat om saam met medegelowiges op sy wordingsweg te waag en in dankbaarheid, deur die werking van die Heilige Gees,²²⁵ vrugte te dra wat by die geloof pas.

Die Christen-Protestant moet in die handel en wandel van elke dag uitdrukking gee aan wat hy moet (behoort te)wees. Belydenis van die Kerk van die Here roep en dring tot die praktyk van die Godsaligheid,²²⁶ waardeur die volwasse Christen dankbaarheidsbid behoort te betoon deur homself tot beskikking van God te stel as werktuig van die geregtigheid in diens van God (Rom.6:13).²²⁷ Sy daaglikse bestaan moet deurweek wees van ware dankbaarheid teenoor God die Here wanneer hy met sy ganse lewe opreg voor die Here wandel en 'n lewe-van-behoorlikseise soos dit uit sy Christelike Protestantse lewensopvatting spreek, sal lei. So 'n lewe sal lei tot gehoorsaamheid teenoor dié God wat hom aanroep en aan wie hy ver-antwoording verskuldig is van dag tot dag, "want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is geen vrugte van dankbaarheid kan voortbring nie" (Heidelbergse Kategismus, Sondag 24).²²⁸ Die wedergeborene is steeds bewus van die groot verandering, hy is met Christus

gekruisig, leef nie meer nie maar Christus leef in hom, hy is vry van die Wet, staan geregverdig voor God, is van sy Kindskap verseker, stel homself tot voorbeeld (omdat hy bewus is van die lewensopvatlike eise), maar bely nogtans dat hy die volmaakte nog nie het nie.²²⁹

Daarom sal hy God aanroep om hom in genade aan te sien op die pad van heiliging en volharding. Deur die werking van die Heilige Gees antwoord hy op sy geroepenheid, verwerklik hy Christelike waardes (normidentifikasie) in dankbare erkenning vir die weldade en genade ontvang. Namate hy vorder op hierdie weg sal hy toenemend genormeerde geborgenheid beleef deurdat hy homself stel as werktuig van geregtigheid in diens van God.²³⁰

Hierdeur verwerf en bestendig hy sy Christelike Protestantse lewensopvatting en kan hy met geloof die toekoms tegemoet gaan, bewus van die sin van sy bestaan, antwoordende op sy geroepenheid deur sedelik selfstandige keuses en handeling, die voortbring van die goeie vrugte van dankbaarheid want "wie in My bly en Ek in hom, hy dra veel vrug" (Joh, 15:5).²³¹

Christelike wellewendheid as persoon-persoonsverhouding berus op agting vir en vertrouwe in die medemens en sy menswaardigheid en kom tot uiting in deugde soos vriendelikheid, hulpvaardigheid en ordelikheid wat die uitthoms van gedyende dankbaarheid as kenmerkend van volwassenheid is.

Die kind moet ook gesteun word tot gedying van dankbaarheid om eventueel oor hierdie gesindheid te

beskik en so die gestalte van volwassenheid te verbeeld.²³²

Hierdie welwillendheid spruit uit die sekerheid dat sy posisie in Christus verseker is en lei tot genormeerde geborgenheid en 'n lewe van behoorlikheids-eise en taakverrigting as antwoord vanweë gedurende dankbaarheid,²³³ soos blyk uit die danksegging na afloop van die Nagmaalsviering.

"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie ... (geregtigheid, genesing, verlossing en barmhartigheid) .. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is Sy goedertierenheid oor dié wat Hom vrees,

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, só ver verwyder Hy ons oortredinge van ons;

Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom vrees".

"Daarom sal my mond en hart die Here bely en die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid."²³⁴

4.5.4 Ten slotte

In hierdie paragraaf word nie soos by alle vorige doelstrukture oorgegaan tot 'n outentieke sintesering van die doelessensie, lewensopvatting, deur integrasie met die betrokke Nagmaalsformulier-inhoude nie, aangesien Nagmaalsformulierinhoudes wesenlik lewensopvatlik is en só 'n sintese geen doel kan dien nie. Aandag word slegs weer eens gevestig op die feit dat alle voorafgaande fundamentele pedagogiese doelstrukture met hulle algemeen-geldige inhoudes en die sin en sinsamehange daarvan, reeds lewend

gemaak is deur die partikuliere lewens-opvatting soos dit vervat is in die Christen-Protestantse Nagmaalsformulier en deur gebruikmaking van die pedagogiese perspektief-metode.

In die volgende hoofstuk word dan oorgegaan tot 'n samevatting van geïntegreerde sinswyses ná outentieke sintese van pedagogiese doelstrukture en nagmaalsessensies.

HOOFSTUK 4

Literatuurverwysings:

- | | | | | | |
|-----|----|---|---|--|----------|
| 1. | a. | KRIEK, A.C. | : | 'n Onderzoek na 'n Menswaardige Bestaanswyse en Selfbeoordeling as Pedagogiese Kriteria vir Volwassenheid, M.Ed.-verhandeling, U.P., | 31 |
| | b. | LANDMAN, W.A.,
C.J.G. EN
ROOS, S.G. | : | Denkwyses in die Opvoedkunde, Hoofstuk 4 | |
| 2. | | OBERHOLZER, C.K. | : | Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek | 29, 269 |
| 3. | | LANDMAN, W.A. en
GOUS, S.J. | : | Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, | 72 |
| 4. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 166, 167 |
| 5. | | LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG, C.R. | : | Opvoedkunde en Opvoedingsleer vir Beginners, | 93 |
| 6. | | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 33 |
| | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 317 |
| 7. | | VAN ZYL, P. | : | Opvoedkunde, Deel I, | 202 |
| 8. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 164 |
| 9. | | VAN ZYL, P. | : | a.w., | 216 |
| 10. | | LANDMAN, W.A. en
GOUS, S.J. | : | a.w., | 73 |
| 11. | | LANDMAN, W.A. | : | Enkele Antropologies-Ontologiese Momente in die Voorvolwassenheidsbelewing, | 54 |
| 12. | | KRIEK, A.C. | : | a.w., | 33 |
| 13. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 191 |
| 14. | | Ibid. | : | | 186 |
| 15. | | Ibid. | : | | 15 |
| 16. | | KILIAN, C.J.G. | : | Die verbesondering van pedagogiese kriteria met ontologies-antropologiese status, D.Ed.-prøefskrif, U.P., | 215 |
| 17. | | OBERHOLZER, C.K. | : | a.w., | 15 |

18.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	34, 35
19.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
20.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
21.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	50-54
22.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
23.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:		36
24.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	54
25.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	100
26.	LANGEVELD, M.J.	:	Beknopte Theoretische Pedagogiek,	75
27.	Ibid.	:		57
28.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	94
29.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	54
30.	PERQUIN, N.	:	Paedagogiek,	346
31.	FEENSTRA, J.G.	:	Leer en Lewe	242
32.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	Fundamentele Pedagogiek en die Opvoedings- werklikheid,	78
33.	BAVINCK, H.	:	Het Oorsprong der Zonde, Gereformeerde Dogmatiek III,	51
34.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatiese Studiën: De mens Het Beeld Gods,	41, 42
35.	Ibid.	:		350
36.	Ibid.	:		63, 64
37.	BARTH, K.D.	:	Church Dogmatics, III, 2,	35-49
38.	BRILLENBURG, WURTH, G.	:	Mensbeskouwing en Maat- schappelyk Werk,	11
39.	Ibid.	:		17
40.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	Kleine Dogmatiek,	83
41.	BRILLENBURG, WURTH, G.	:	a.w.,	7-9

42.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	109
43.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	83
44.	Ibid.			84
45.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	27, 28
46.	BRUNNER, E.	:	Man in Revolt, ook Dogmatics Vol. II,	91 - 113 55 - 61
47.	BARTH, K.D.	:	a.w.,	88
48.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	84, 85
49.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë,	323
50.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	85
51.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	323
52.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	13, 14 (ook 58)
53.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	58
54.	BAVINCK, H.	:	Het wezen van de mensch, a.w.,	490
55.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	323
56.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	86
57.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	35, 36
58.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	325
59.	COETZEE, J. CHRIS	:	Die Eerste Beginfels van die Calvinistiese Opvoeding,	9
60.	BERKOUWER, G.C.	:	a.w.,	13, 14
61.	BARTH, K.D.	:	a.w.,	35 - 49
62.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	327
63.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	112
64.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	168
65.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	88
66.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	133

67.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	327, 328
68.	NOORDMAN, N.F.	:	Het mensbeeld in de opvoeding, I, Inleiding in de Antropologie. Informatie over opvoeding en onderwys, onder redactie van Prof. Dr. L. van Gelderen,	21, 22
69.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	113
70.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	201
71.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	114, 115
72.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	329
73.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	112
74.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	28
75.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	116
76.	Ibid.	:		112
77.	VAN NIFTRIK, G.C.	:	a.w.,	86
78.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	63
79.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	125, 126
80.	GUNTER, C.F.G.	:	Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde,	204
81.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	90
82.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	79
83.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	100
84.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë	9, 10
85.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
86.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73

37.	VAN WIJNGAARDEN, H.R.	:	Hoofproblemen der Volwassenheid,	9
38.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	72
39.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	163
90.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
91.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	121
92.	OBERHOLZER, C.R.	:	a.w.,	181
93.	Ibid.	:		168
94.	Ibid.	:		180 - 193
95.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	206
96.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	161
97.	Ibid.	:		181
98.	Ibid.	:		199
99.	Ibid.	:		180
100.	KRIEK, A.C.	:	a.w.,	125
101.	Ibid.	:		125
102.	GUNTER, C.F.G.	:	Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde	205
103.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	208
104.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	60
105.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	216
106.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	43
107.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, W.A.	:	a.w.,	148
	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	139
108.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
109.	OBERHOLZER, C.R.	:	a.w.,	151
110.	Ibid.	:		152
111.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	138

112.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	285
113.	Ibid.	:		288
114.	Ibid.	:		286
115.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	144
116.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	47
117.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	209
118.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	43
119.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	258, 259
120.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	213
121.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	139
122.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	217
123.	Ibid.	:		256
124.	Ibid.	:		267
125.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73
126.	BAVINCK, H.	:	Heiligmaking en Volharding, Gerefor= meerde Dogmatiek IV, (ook 1 Kor. 6:11)	215
127.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	202
128.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	146
129.	Ibid.	:		76
130.	VAN ZYL, P.	:	a.w.,	208, 207
131.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
132.	PISTORIUS, P.	:	Kaart en Kompas van die Opvoeding	91
133.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	147
134.	LANDMAN, W.A.	:	Enkele Aksiologies- Ontologiese Momente in die Voorvolwassenheids= belewing,	10
135.	LANGVELD, M.J.	:	a.w.,	60, 61
136.	Ibid.	:		74, 63

137.	ROSCAM ABBING, P.J.:	"Religieuse Volwassenheid." In: Volwassenheid: samengesteld door Prof. Dr. Roscam Abbing	97
138.	Ibid.	:	93
139.	Ibid.	:	96, 97
140.	Ibid.	:	96
	Vgl. Buber, Martin:	"Ich und Du", (Berlyn, 1936)	
141.	BERKOUWER, G.C.	: Dogmatische Studiën: Geloof en Heiliging,	5
142.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	: a.w.,	148
143.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	341
144.	Ibid.	:	341
145.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	: a.w.,	134
146.	LANDMAN, W.A.	: a.w.,	37
147.	Kyk: BUYTENDIJK, F.J.J.	: De Zin van de Vrijheid in het Menselijk bestaan,	12 - 20
148.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	342
149.	CALVYN, J.	: Institusie III, 14,	18 - 20
150.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	20 - 22
151.	VAN NIFTRIK, G.C.	: a.w.,	342
152.	BAVINCK, H.	: a.w.,	238
153.	Ibid.	:	241
154.	Ibid.	:	232
155.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	20
156.	Ibid.	:	27
157.	Ibid.	:	10 - 12
158.	Ibid.	:	24 - 28
	Ook Luthers Werken, (Vereniging M. Luther) I,		13
159.	BERKOUWER, G.C.	: a.w.,	21
160.	NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS, Artikel XX		
161.	HEIDELBERGSE KATEGISMUS, Sondag I, Vr. 45-64		
162.	OBERHOLZER, C.K.	: a.w.,	275

viii

163.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
164.	OBERHOLZER, C.K.	:	"Wêreldbeskouing en Lewensopvatting. In: Die Waardes van die Afrikaner, Akademie vir Wetenskap en Kuns, Junie 1968,	42
165.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
166.	GUNTER, C.F.G.	:	Opvoedingsfilosofieë,	355
167.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
168.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	25
169.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
170.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	62
171.	Ibid.	.	.	73
172.	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	140, 141
173.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	343
174.	LANDMAN, W.A. en GOUS, S.J.	:	a.w.,	73, 74
175.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	56
176.	OBERHOLZER, C.K.	:	Prolegomena van 'n Prinsipiële Pedagogiek,	133
177.	Ibid.	:	.	158
178.	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	154
179.	Ibid.	:	.	155
180.	Ibid.	:	.	156
181.	BRUNNER, E.	:	The Christian Doctrine of Creation and Redemption, Dogmatics Vol. II,	94
182.	PERQUIN, N.	:	a.w.,	47
183.	Ibid.	:	.	47
184.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	247

ix

185.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	218
186.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	52
187.	Ibid.	:		54, 55
	Kyk: Buytendijk, F.J.J.:			Gesondheid en Vrijheid, 1950.
188.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	a.w.,	60
189.	Ibid.	:		28
190.	Kyk: VAN PEURSEN, C.A.	:	Lichaam, ziel, geest. De mens als oriëntasie vanuit zijn wêreld.	
191.	BAVINCK, H.	:	Heiligmaking en Volharding, Gereformeerder Dogmatiek IV,	253, 254
192.	Ibid.	:		254
193.	DE GROOT, D.J.	:	"Volharding der heiligen". In: Dogma der Kerk, onder redactie van G.C. Berkouwer, G. Toornvliet e.a.,	441, 442
194.	BRILLENBURG WURTH, G.	:	"Heiliging", in Dogma der Kerk, a.w.,	442
195.	Ibid.	:		449, 450
196.	BAVINCK, H.	:	a.w.,	256, 257
197.	Ibid.	:		257
198.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	37
199.	OBERHOLZER, C.K.	:	"Wêreldbeskouing en Lewensopvatting". In: Die Waardes van die Afrikaner, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1968,	44
200.	LANDMAN, W.A.	:	Leesboek vir die Christen-Opvoeder,	87, 88
201.	POPMA, K.J.	:	Levensbeskouing, deel I,	97
202.	OBERHOLZER, C.K.	:	a.w.,	41
203.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	85
204.	COETZEE, J. CHRIS	:	Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde,	28, 32

205.	COETZEE, J. CHRIS	:	Die Eerste Beginsels van die Calvinistiese Opvoeding,	5, 19
206.	GUNTER, C.F.G.	:	a.w.,	11
207.	LANGEVELD, M.J.	:	a.w.,	55, 56
208.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	73
209.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	88, 89
210.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	105, 106
211.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	89
212.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	83
213.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	106
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	89, 90
214.	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	106, 107
215.	Ibid.	:		107
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	91
216.	Ibid.	:		92
	LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. en LIEBENBERG, C.R.	:	a.w.,	114
217.	Ibid.	:		108
	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	92
	OBERHOLZER, C.K.	:	Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,	144
218.	Ibid.	:		85
219.	Ibid.	:		144, 145
220.	BERKOUWER, G.C.	:	Dogmatiese Studiën: De Mens Het Beeld Gods,	390-392
221.	Ibid.	:		405, 406
222.	LANDMAN, W.A. en ROOS, S.G.	:	a.w.,	80
223.	LANDMAN, W.A.	:	a.w.,	92
224.	Ibid.	:		92

xi

225. WILBERS, P.J.E. : Die Moontlikheid,
Noodwendigheid en
Plek van Pedagogiese
Doelkunde en Doelleer,
D.Ed.-verhandeling, 200, 201
226. FEENSTRA, J.G. : a.w., Inleidend:
Die Vertaler.
Dr. M.T.S. Zeeman.
227. LANDMAN, W.A.,
ROOS, S.G. en
LIEBENBERG, C.R. : a.w., 138, 141
228. HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Sondag 24,
Formulierboek, 121
229. BAVINCK, H. : a.w., 243-247
230. WILBERS, P.J.E. : a.w., 205
231. HEIDELBERGSE KATEGISMUS: Sondag 24, Vr. 63
en 64, a.w., 113
232. WILBERS, P.J.E. : a.w., 203
233. Ibid. : 205
234. NAGMAALSFORMULIER, Formulierboek van die
N.G.-Kerk van Suid-Afrika, 32